




**TYDSKRIF
VIR
LETTERKUNDE**

Augustus
1966



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

TYDSKRIF
VIR
LETTERKUNDE

REDAKTEUR: COENIE RUDOLPH

ADVISEURS:

*J. J. Brits, W. A. de Klerk, André Demedts, B. le Roux,
Felix Lategan.*

AUGUSTUS 1966

NUWE REEKS

JAARGANG 4 NOMMER 3

KOPIE vir die tydskrif word gerig aan: Die Redakteur, Wenningstraat 24, Groenkloof, Pretoria. Ongebruikte kopie kan slegs teruggestuur word as medewerkers 'n gefrankeerde koevert ingesluit het.

KORRESPONDENSIE rakende administrasie, intekengeld, sirkulasie en advertensie word gerig aan: Mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

INTEKENGELD: R2.00 PER JAARGANG, POSVRY

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n jaarlikse skenking van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap en van die Afrikaanse Pers-fonds aan die Afrikaanse Skrywerskring.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig menings van die redaksie nie.

I N H O U D

Redaksioneel	1
Uys Krige	Vier oorlogsgedigte van Quasimodo	5
D. P. M. Botes	Wêreld van my drome	11
Louis Eksteen	Venster in 'n voorstad	13
C. G. S. de Villiers	Die drake en die bende van Korag	15
Marié Blomerus	L'Hirondelle	18
Hennie Aucamp	Nagboot na Ierland	21
Freda Plekker	Boom in die winter	25
Dirk Christiaens	Ruiter met paard	27
Stephan Bouwer	Weer op ouma Pollie se plaas	29
Abraham H. de Vries	Die poskar	30
Joan Lötter	Ontvlugting	35
Izak v.d. Westhuizen	Openbaring	36
Sarel Smit	Legende	38
Berta Smit	Die nuwe jas	39
U. M. Gerrys	Hart	46
Phil du Plessis	Siklus	48
Vincent v.d. Westhuizen	Absentia	50
Menno Stenvert	Paardebloem	51
Jeanne Goosen	Flitse	51
D. M. Greeff	Die slim klippe	52
Hewitt Visser	Groot Towenaar	54
Mada Reinecke	Asemtog	56
F. A. F. Wichmann	G. S. Preller se dagboek ... ontdek	58
Marcel van Maele	De bunker (Eenakter)	66
	Bekroonde Skrywers	73
	Jong digters, aandag!	73
	Skyfies	74
	Boeke ontvang	77

Die prys van R15 vir 'n verdienstelike bydrae in die Mei-aflewering van *Tydskrif vir Letterkunde* is verower deur Joan Lötter.

Die Redakteur en Adviseurs wens haar van harte geluk.

„'N GLAS MET LIPPE WAT ROER AS JY DRINK?"

*Die volk is so moeg van die wêreld,
die mense wil vonke en wildvuur hê,
die dames en here wil nuwe vermaak hê;
en die prinses self laat my nog roep.*

*En nou gaan ek dit sê: ek is geen oog van al-siendheid nie,
maar ek sien (so ongeveer soos staatsmanne „sien")*

Een:....dat hulle my sal vra om 'n wonderwerk te maak;

Twêe: dat ek 'n wonderwerkertjie gaan maak vir hulle;

Drie: dat die wondere wat hy gaan bewerk . . .

vir hulle en my in verleentheid gaan bring.

Maar goed: méér weet ek nie: ek is maar toornaar.

En u gaan die prosa hoor.

Die verleë ou man wat hierdie woorde uit, is die ou Magiër in „Asterion".

Voor hom staan die verveelde volk en roep:

*Ons wil nuwe verskynings hê
van dood-gewone dinge . . .*

Hulle wil speel en vermaak word omdat hulle besef:

*. . . ons is tinkel-dingetjies van glas . . . en daarom breek-
baar en klein, nietig en vernietigbaar:*

*. . . gee vir ons kleinheid slegs iets kleins soos ons:
gee vir ons speelsiek hart 'n spel.*

En of hy nou wil of nie maar die nuwe verskynings sal hy móét optoor, voortbring. En hy is by voorbaat in die verleentheid want hulle vraag impliseer alewig ook die eis: gee soos óns wil hê dat daar gegee moet word: nie 'n kop nie, maar 'n kop én bors; nie 'n armblanke Ampie nie, maar 'n suksesvolle Afrikaner; nie 'n filosofiese vraag nie, maar 'n antwoord; nie 'n menslike of maatskaplike probleem nie, maar 'n lekker oplossing; nie 'n mens en 'n volk in krisis nie, maar 'n reeks helde. Dit is amper of die toekykende mens net vreugde wil ken, net die verstrooiing wil ervaar. Hy is immers die spelende mens, die groot kind wat gou verveeld raak en wat terwyl hy toekyk liefs nie wil in-kyk nie.

Die alte ernstige beskermers van die kuns wil hierdie mense graag verwyd maar dis onnodig. As hulle net maar die loutere vreugde wou ervaar by die beleving van die kuns sou hulle mos nie verkeerd wees nie!

In sy groot studie oor die verhouding tussen religie en kuns beweer prof. Van der Leeuw: *Dansen is niet iets waaraan men al of niet kan meedoen. Wie niet danst, loopt (of) rent, waggelt, hinkt, d.w.z. hij danst slecht. Wij moeten allen weer*

leren dansen. Ons moet almal dus weer leer geniet, sonder om ons beleving van die kuns of die kuns self diensbaar te wil maak aan iets anders. Marthinus Versfeld sê êrens: *Aristoteles het lank gelede gesê dat God pure blydschap is, en dat blydschap nie 'n middel tot iets anders is nie. Blydschap is die beoefening van absoluut vrye beweging, van onbelemmerde speling.*

Nou moet ons erken dat die spel ook sy grade van speelsheid en moeilikheid het. As 'n skaakmeester soos Max Euwe 'n veertigtal spelers gelyktydig aanpak, sien die oningewyde bloot 'n man wat van bord tot bord loop en skaakmannetjies skuiwe, skynbaar sonder om twee keer te dink of om 'n oomblik te aarsel. Die ingewyde moet egter konsentreer om die werklike spel te geniet: die strategieë, die klein lokvalletjies, die groot offerings van belangrike stukke om die oorwinning moontlik te maak. Die ingewyde sien en geniet skaak dus op 'n heel ander vlak. Hy „dans” soveel beter as die man wat net die blote skuiwe ken.

En laat ons nou dit aanvaar as 'n gegewe: die estetiese beleving ken ook sy grade van moeilikheid; die gemak waarmee iemand moeilike skuiwe vooruitsien of net insien, bepaal die mate van genot. Daarom kan „Die Pluimsaad waai ver” en „Die Drie Van der Walts” nie dieselfde gehoor eweveel bevredig nie.

Daar is dus 'n makliker én 'n moeiliker soort kuns, maar albei (as dit goed is) is 'n vorm van spel, besorg die deelnemer nuttelose blydschap, of soos Tagore dit in 'n lesing gestel het: „enjoyment which is disinterested.”

Vir sover die nuwe redakteur van 'n dertigjarige tydskrif in die sestiger jare ook 'n verleë magiër is van wie die mense nuwe wysies op die ou deuntjies vra, wil hy aan die eintlike magiërs wie se wondere hy maar net uitstal, die volgende beeld van die Skeppende Wysheid voorhou wat al spelende 'n glas geskep het met lippe wat glimlag:

Toe Hy die hemele toeberei het, was ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed; toe Hy die wolke daarbo bevestig het, toe die bronne van die wêreldvloed sterk geword het, toe Hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters sy bevel nie sou oortree nie; toe Hy die fundamente van die aarde vasgelê het — toe was ek 'n kunstenaar naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging al spelende voor sy aangesig altyd, al spelende op sy wêreldrond, en my verlustiging was met die mensekinders. — (Spr. 8:27-31.)

VAN WURM TOT MOT?

As daar een stad is wat nie kan kla oor 'n gebrek aan kunsbedrywighede nie is dit Pretoria. En nou rig ons die lens nie op die rusies om die verwydering van ou of om die oprigting van nuwe monumente nie; ook nie op die stof waar die winde van verontwaardiging die Pluimsaad al hoe verder gewaai het nie. Ons kan 'n hele nuusfilm maak oor die tydskrifte en koerante van Pretoria. Een so 'n tydskrif is *Wurm* I, Jaargang I, nr. 1, Junie 1966. Prys 50 sent.

P. A. de Waal Venter (redakteur) deel die leser van sy geroneode tydskrif mee dat *Wurm* aan wie wil die geleentheid wil bied om „onbeswaard hulle mening te lug oor sake rakende die literêre lewe.” So beskou is dit 'n oorbodige tydskrif: die dagblad bied ruim geleentheid vir *onbeswaarde* aanvalle op ons klein klompie Afrikaanse skrywers.

Wat ons wel verwelkom: die moed wat 'n jong man aan die dag lê om 'n tikmasjien te gryp en 'n tydskrif te begin. Onbeswaard deur oorwegings van tipografie en prestige en dié hoë kulturele stofskoppery stel hy gewone afrolpapier en inks aan die woord om sy mense te bereik. Die kommunikasie is immers hoofsaak!

Ons het ook waardering vir die opstandigheid. Dis vir enige volk goed om mense te hê wat nie toe-oog aanvaar en alles vir soetkoek opeet nie. Al het ons soms die ongemaklike gewaarwording dat party van die opstand die skone betjoingsgeit is (soos oom Vaaltyn sy neef Jaffie verwyf), wil ons dit nogtans verwelkom. As die redaksie maar net wil onthou dit kos 'n arbeider met 'n pik en hamer veel minder inspanning om 'n katedraal af te breek as wat dit die bouers gekos het om dit op te rig.

Wat ons NIE verwelkom nie is die Don-Kie Sotste windmeulgevegte teen 'n digter en kritikus wat intussen sy doktorsgraad behaal het, of die doelbewuste debunking van literatore wat veel meer vir ons letterkunde gedoen het as *Donners*. As *Wurm* sy *Donners* wil loslaat op ons droogte-geteisterde vlaktes van literêre onvermoë moet hulle minstens met vers en kapittel argumente ontleed en die droogte breek. Anders word hierdie *Wurm* nog deur sy eie mot verteer — vroegtydig. En dit sou jammer wees. Ons het beslis so 'n bietjie meer polemieks nodig, waaragtige stoei met *litêre* probleme. *Wurm* is dus nie sonder taak nie. Alles hang af van HOE die taak aangepak word — deur mens en *Wurm*. En dat dit die redaksie en medewerkers nie aan die vermoë ontbreek nie word bewys deur etlike doeltreffende en vernietigende sinsnedes — veral waar sekere joernaliste se ewige beterwetery oor die letterkunde

en sekere sg. gesaghebbende publikasies onder die „hamer” kom.

Die eerste uitgawe is miskien nog te veel demonstratief, 'n verlekking in die geleentheid tot links en reg byt. As die diensmotief hoofsaak word, sal *Wurm* diens kan lewer!

— RED.

'N LITERATUURBESKOUIING

„Er is geen onderwerp dat niet voorwerp kan zijn van literatuur. Erotiek niet, krankzinnigheid niet, kanker niet. Maar wie deze zaken uitlevert op de geinige toon van een avondje-uit, kan niet het respekt opbrengen dat de basis is van literatuur.”

G.S.T.

—In *M66*, nr. 6

Die kritikus wat reeds 'n vaste sisteem gevind het, skryf reeds sy grafskriif.

C.F.R.

VIER OORLOGSGEDIGTE VAN QUASIMODO

Die onderstaande vier oorlogsgedigte van Salvatore Quasimodo — aan wie in 1959 die Nobelprys vir letterkunde toegeken is — gee ons 'n besondere insig in sy ontwikkeling as digter gedurende daardie tragiese jare. Hulle is almal geskrywe gedurende die laaste twintig maande van die oorlog toe Noord-Italië — insluitende die groot wêreldstad, Milaan, waar Quasimodo al jare lank woon — moes kreun onder die ysterhiel van die Duitsers en Mussolini se Swarthemde in hul verbete verset teen die Geallieerde Leër in sy langsame optog van Salerno in die suide.

Vir die burgerlike bevolking moes daardie laaste koue wintermaande van 1944-45 besonder bitter gewees het — veral in stede soos Milaan. 'n Verwoeste wêreld, huise en geboue in puin oral; 'n skrikbewind wat hoe later hoe kwater word, gewone stads- en boeremense wat by die dosyne gefusilleer word in weerwraak vir sabotasiepleging en skielike nagtelike aanvalle op die Duitsers of Swarthemde deur die Partygangers, die skouspel vroeg in die môre van die lyke van manne (en soms selfs van vroue) wat in 'n ry hang van die telegraafpale langs die pad . . . en toe, teen die einde, toe die Duitse en Mussolini se magte begin verbroekel en die Partygangers al sterker word, broedermoord op 'n skaal wat die moderne Italië seker nog nooit beleef het nie.

Teen 'n dergelike agtergrond moet hierdie gedigte gesien word en dan kry hulle vir ons 'n besondere reliëf heeltemal afgesien van hul hoë literêre gehalte in die oorspronklike Italiaans.

ERMETICI

In my lang opstel oor Quasimodo in die tweede nommer van *Contrast* (Herfs 1961) het ek breedvoerig daarop ingegaan hoe Quasimodo in die vooroorlogse jare toe Italië byna twintig jaar lank die diktatuur van die Fascisme moes verduur, een van die tans beroemde ERMETICI of kluisenaardigters was; hoe hierdie groep in die Fascisme en al sy uitinge niks kon vind om hulle oor te verheug nie; hoe hulle hulle al hoe meer in hulself teruggetrek het, hulle op die suiwer Italiaanse woord ingestel het, hulle daardie woord voortdurend verfyn en verpuur het, hulle later 'n soort persoonlike taal van hul eie begin skryf het waarin feitlik slegs hulle en hul mededigters kon belangstel . . .

En ek het ook daaroor uitgewy hoe Quasimodo presies soos sy beroemde Franse tydgenoot, Paul Eluard — en deur presies

dieselfde druk van omstandighede — gekonfronteer met die menslike leed en ellende oral om hom deur die oorlog veroorsaak, hom van sy eie private self, van die aanskou en naspeur van sy innerlikste wese, sy persoonlikste gevoelens en intuïsie, en van die suiwer woord *per se*, afgewend het en op soek gegaan het na die mens — om in eenvoudige klinkklare taal soos 'n gewone mens *vir* die gewone mens te praat en so die tolk te word van 'n hele volk se smart, verdriet, lyding, maar ook van sy hoop en verwagting in die gruwel van die mensonterende oorlog wat nou eindelik end sou kry.

In 19 Januarie 1944 is daar die troosteloosheid, die verlatenheid, misère van die koue oorlogsnag. In die donkerte van dié spelonkagtige weergalmende winternag word daar onskuldige mense doodgeskiet. Tog kan twee mense innig verbonde nog die „soete verse” van 'n klassieke digter — miskien Vergilius? van wie se werke Quasimodo merkwaardige vertalings in Italiaans gelewer het — saam lees.

En die hoop bly leef want daarbuite op die puinhope — soos yslike mensegrafte — van die stadsgeboue bloei die onkruid.

In *Man Van My Tyd* sien Quasimodo die oorlog as die simbool van alle oorloë, alle broedermoord oor die eeue heen tot in die verste voorgeskiedenis. Die jong man in sy vegvliegtuig gebuk oor sy „sonwysers van die dood” — wat 'n ontsettende beeld! — of in sy pantsermonster wat vuur spuug al kante toe, is van dieselfde geslag as een van Torquemada se handlangers met sy folterwiel, sy pynbank, al die verskrikkinge van die Inkwisisie. Oor en weer, oor en oor, helaas, vermoor Kaïn nog altyd vir Abel.

Maar daar moet 'n end kom aan dié doodslag. Die seuns van die toekoms moet die haat en die wandade van die vadere, van hul ouers en voorouers, vergeet. Dit, al dié dinge, behoort aan die gruwelike verlede, nie aan die toekoms nie. Want

. . . die swart voëls, die wind, bedek hul harte.

In *Dialog* kry ons 'n baie treffende toepassing of splinternuwe vertolking van die ou mite van Orpheus en sy vrou, Euridice. Hier is Orpheus nie net die Italiaan nie, maar die ganse verslae, vernederde, lydende mensdom — en Euridice die hoop, die geloof, die toekoms. Euridice is dood, Orpheus het haar self doodgemaak met sy stomheid, blindheid, sy gebrek aan vertrou . . . Maar sy is nie dood nie. Nee, sy is nie dood nie! Euridice leef, sy leef!

En die mens, eindelijk weer vry, „sonder sweep”, het die hoop, die geloof en die vertrou teruggevind, en die wêreld is syne as hy maar net wil . . .

Terloops, in hierdie gedig is daar 'n aanduiding van sy skuldgevoel as 'n *ermetico*. Hy vra feitlik verskoning vir die feit dat hy hom in sy sel of ivoretoring opgesluit het, hy die mens in sy vertwyfeling en sy nood in 'n sekere sin versaak het.

. . . *Nou weet ek
ek moes my inniger aan jou verbind het . . .*

en later:

*Maar omdat dit altyd laat is, alte laat
om lief te hê, vergewe my . . .*

Laudé, 29 April 1945 is 'n diep-ontroerende, hoogs dramatiese gedig ingegee deur 'n gebeurtenis in Milaan in die laaste week van die oorlog wat duisende Suid-Afrikaners moes meegemaak het. Die lyke van Mussolini, sy minnares, Clara Petacci, en dié van vier of vyf Fascistiese leiers is voor 'n garage met koppe na onder opgehang. Later is hulle afgesny en sommerso daar op die sypad van die stadsplein laat lê. 'n Bejaarde vrou in swart geklee het voor Mussolini se lyk gaan staan, toe 'n rewolwer uit haar handsak gehaal en ses koeëls in die lyk geskiet. In die oorlog, het sy later die pers meegedeel, het sy haar ses seuns verloor.

En dis hierdie afgryslieke gebeurtenis — te wreed en brutaal, sou 'n mens geneig wees om te sê, om daaruit poësie te haal — wat Quasimodo besiel het tot *Laudé*, seker een van die roerendste oorlogsgedigte in die moderne letterkunde. Die gedig is so dramaties, meen ek, omdat hy so vol verrassings is, hy minstens twee klimakse het. Die eerste kom wanneer ons besef dat die Seun wat met sy moeder gepraat het, nie lewe nie, maar dood is, dat hy deur die oorlogsbeuls vermink en vermoor is. Dit vind ons eers uit wanneer die gedig reeds end toe trek. En dan is sy moeder nie alleen sý moeder nie, maar alle moeders van seuns wat deur die eeue heen in hul miljoene deur die magtiges, die sterkes, die rykes van die aarde om die lewe gebring is slegs om dié rykdom en dié mag te vermeerder of te versterk.

Die volgende klimaks is oorweldigend. Die Seun is nie net die ewige onskuldige menslike slagoffer nie, hy is ook Jesus — Jesus wat die so swaar beproefde Moeder vra om haar seun se moordenaars te vergewe soos Hy, Jesus, Sý moordenaars vergewe het.

SALVATORE QUASIMODO

VIER GEDIGTE*

19 JANUARIE 1944

Ek lees vir jou die soete verse van
'n ou-ou digter, en die woorde gebore
uit wingerde en tente op walle van riviere
in die ooste, hoe droewig en verlate val
hul nie in hierdie diepste oorlogsnag waar niemand
die hemele inwaag nie van die engele van die dood,
en ons hoor steeds die wind met sy gedreun
van dinge wat stort, hoe hy staalplate skud
wat hoog daarbo balkon skei van balkon,
en daar's 'n troosteloosheid in die getjank
van honde in tuine waar die nagpatrollies skiet
langs die verlate strate. Iemand leef.
Miskien lewe iemand nog. Maar ons wat luister hier,
ontroer, na dié antieke stem, soek na
'n teken wat uitreik bo die lewe,
die donker towermagte van die aarde,
waar selfs tussen die grafte van dié puin
die onkruid sy blom oplik na die son.

MAN VAN MY TYD

Jy is nog daardie man met steen en slinger;
man van my tyd. Jy was daar in die stuurkajuit,
met bose vlerke en sonwysers van die dood,
jou't ek gesien — in jou vuurwa, vlak voor die galge,
en by die folterwiel. Jou't ek gesien: ja, dit
was jy met jou presiese wetenskap verbete
om uit te roei, sonder die liefde, sonder Christus.
Weer het jy doodgemaak, soos altyd, soos
jou vaders doodgemaak het, soos die diere dood-
gemaak het toe hul jou sien vir die allereerste maal.
En hierdie bloed ruik weer soos op die dag
toe die een broer gesê het aan die ander broer:
„Laat ons die veld instap.” En daardie eggo, koud,
hardnekkig, het selfs jou bereik, hier in jou dag.
Vergeet, o seuns, die wolke vol van bloed
uit die aarde opgestyg, vergeet die vaders:
hul grafte sink weg in die asse,
en die swart voëls, die wind, bedek hul harte.

DIALOOG

*At cantu commotae Erebi de sedibus imis
umbrae ibant tenues simulacraque luce carentum.*

En ons is liederlik van oorlog, Orpheus wemel
van insekte, hy's opgevreet van luise,
en jy, jy's dood. Die winter met sy druk
van ys, sy water, lug van storm was
met jou en die donderweer 't gerol van eggo
tot eggo deur jou aardse nagte. Nou weet ek
ek moes my inniger aan jou verbind het,
maar ons s'n was 'n tyd van woede en bloed:
andere het in die modder weggesink,
met hande en oë verwoes het hul geskreeu
om medelye en om liefde.

Maar omdat dit altyd laat is, alte laat
om lief te hê, vergewe my. Nou roep ook ek
jou naam in hierdie warm middaguur
van lome vlerke, koorde van sonbesies
gespan teen die taai bas van die sipresse.
Ons weet nie meer waar is jou kus;
daar was 'n drif waarvan die digters sing,
by bronne waar die dampe staan van aardestortings
op die hoogvlakte. Daar as seun het ek gesien
breë plate bossies vol pers bessies,
skaaphonde en voëls somber in die reën
en perde, geheimsinnige diere wat
die mense stil volg, getrou, met kop omhoog.
Die lewendes het nou vir altyd verloor
die pad van die dooies en hulle staan opsy.

En hierdie stilte is verskrikliker
as dié wat ons skei van jou kus.
„Stil skimme gaan verby.” En hier
vloei vreedsaam die Olona, nie 'n boom
beweeg weg van sy put van wortels nie.
O was jy nie Euridice? Nee, jy was nie Euridice!
Euridice die leef. Euridice! Euridice!

En jy, steeds liederlik van oorlog, Orpheus,
net soos jou perd daar, sonder sweep,
lig, lig jou kop omhoog, die aarde beef nie meer:
en skreeu jou liefde, oorwin die wêreld as jy wil.

SEUN:

Ag moeder, waarom spoeg jy na 'n lyk
wat aan sy voete hang van daardie balk
met kop na onder?

En die ander lyke wat langs hom swaai,
walg hul jou nie? Ai, kyk dié vrou met haar
danskouse monsteragtig en haar mond en keel
van blomme vertrap! Nee, moeder, stop. Skree, skree
vir hierdie skare hul moet gaan. Dis geen
verdriet of smart nie dié, maar 'n bose vreugde,
'n smerige geloer. Die blindevlieë sit al saamgedrom
op die blou are groot soos knope.
En nou het jy na dié gesig gemik:
moeder, moeder, moeder!

MOEDER:

Ons het nog altyd, seun, gespoeg na lyke:
hul het gehang van venstertralies, maste van skepe,
op brandstapels is hul verkool, verskeur deur honde
op 'n landgoed se grens waar hul 'n lap weigras
wou hê. Oog vir 'n oog, tand vir
'n tand, oorlog of vrede, oproer of stilte,
dit maak geen saak nie:
nou na tweeduisend jaar van Nagmaal
wil ons die hart oop hê van hulle wat
jou hart wyd oopgespalk het, seun. Hul het
jou oë uitgepluk, jou hande vermink,
sodat nogmaals sy Naam verloën word.
Wys my jou oë, gee my jou hande:
jy's dood, seun, en omdat jy dood is, o my seun,
kan jy vergeef, my seun, my seun.

SEUN:

Dié koorsige gedrang, rumoer, dié swoele hitte
om mislik van te word, dié rook van puinhope,
dié vet groen vlieë op die hake saamgeplak:
die woede en die bloed vloei in regverdigheid.
Maar nie vir jou, moeder, en, moeder, nie vir my nie:
net môre sal hul weer my oë
en hande kom deurboor. Deur al die eeue heen
skreeu die vermoorde, moeder, mededoë,
mededoë . . .

* Vertaal deur Uys Krige.

D. P. M. BOTES

wêreld van my drome

wêreld van my drome
gee my weer julle werklikheid julle waarheid
groen landskappe met diep blou
nog groener deur die blou

in hoeveel skilderye het ek nie benydenswaardige tonele
miskien selfs deur 'n venster [gesien nie
wêreld van my drome voer my weg van wêreld van leuens
gee my die aarde se skoonheid voor verandering

vertel vir my van bestaan sonder haat
van vars lug en die soet reuk van bessiebome
gee my jou wêreld waarin ons gepraat het
en daar is niks verder nie

wêreld werklikheid van my drome

* * *

donker hoof

die donker hoof
buig op die donker divan
die donker wind buig oor die donker blom
uit die blom kom saad uit die blom
kom sap uit die blom kom die trap
van begeerte uit die blom kom die slot die toemaak
uit die blom kom diep slaap diep kennis
uit die oopmaak en toemaak die jag en die vind
kom die onbekende blom waarna ons streef
wat die meeste musikaal noem God

* * *

soet kom die wêreld binne

soet kom die wêreld binne
saggies drup dit deur glas en hout
alle ruimte word van die wêreld
hoewel die tyd ontbreek of ons ontwyk

elders verhaal flotsam
en radio dieselfde lelike dinge
soos sneeu saggies stuif die wêreld binne
wollerig en nat smelt dit binne op die kussing
maar nog vinniger verdwyn dit voor my koue oog
lees ons van dinge buite
frons ons bekommerd oor die dinge buite
onverskillig oor my tenger liggaam
ril die wêreld self en vergeet sy doel
verras om my alleen te vind
saggies kom die wêreld binne gooi sy hoed voor my

* * *

die aard van die mens

die aard van die mens laat my wonder
terwyl ek afstap uit die bus oor die plein
die diplomatiese groete van winkelbediendes
die glimlag ingesluit by die koopsom
met tien persent afslag vir kontant
soos ape in hokke die lagwekkende groet
elke dag goeie môre meneer tien persent afslag vir kontant
soos ape met gesigte wat herinner aan 'n vroeër menswees
hulle gee voorkeur aan komieklke strikdassies
maar in die broek bly hul steeds mens en aap
taal waarin ons lieg hou ons aan die lyntjie
onvrugbaar swak die grynsende duiwel van begrip
maar slaap ken ons vir onontdekte wêrelde
gras wild soos perdemane
as ons redes het bly dit verborge

* * *

gevangene

verlede nag het jy
in 'n droom my kamer
skielik met die wind betree
en jou teenwoordigheid
was 'n pyniging
soos al die woorde was jy stil
jou hande het soos hake
oor my bang vel gegaan
my hele lyf was koud
maar as ek sien
dat jy jou mond open
dan sien ek hoop van gister vir vandag

VENSTER IN 'N VOORSTAD

Wanneer twee denne en die naeltjebloom
hard word in die raam
spring uit my vinger wit
en vee die kolle saam:

eers woel twee molle en 'n spaansrietstam
kluite om 'n klip
tot die harige wurm
uit die ligte doolhof glip.

Dan dans hyskrane en 'n kalfatertou
'n skip en joggelstaal:
twee duine verbleik
word bakke, vorm 'n skaal —

'n malva blom en twee skerp splinte bloei
kruise kris en kras.
My bene ruk reguit.
Min dinge vorm, tog: 'n glas

splinter, word slym en slakhuis op die vrug
kristalle sag lemoen.
Voor los vingers ruk
'n skoppelmaai en skoer

en deur ruite wat oor dik glas skuif
verwring 'n alikreuk 'n perlemoen
waaroor groen watervalle stroom.
Ek druk toe.

Swart lepels skuifel aan
swart lapelle vou kruisgewelwe.
Swart stollings vorm ronde bulte klei:
padtekens wys oos en wes en links.

Boere lê leepoog oor twee blink sannas:
twee ou boeke vou
en uit die pers blaai skiet
die eerste wit hosannas.

TREGTER

Kolk onweer in 'n kern
waarin stiltes raas. Swoerr-swiep
oor koringland en stof: verdigting
van 'n Hoëveldse plaas.
Skiet 'n pyl die hemel in
swiep-swoerr ontlaai
in middagskemer. Kring
'n keël op grond en gras,
suig die landskap in.
Laai en ontlaai, huise, plase,
klippe in 'n ou murasie.
Alles vorm: die wind in sy tregter
pas oor 'n blou land
bind wind- en wolkelug
aan grond en grondbebouing.
Tregterwind deursigtig, inhoude gevang
in amber teen die wande.
Onweer kolk, gryp vas tot vorm
los klip, hoenderveer en hoed:
verstrooi 'n wêreld, verdeel sy elemente
en skud dit deur:
gevormde vorm ontbind,
die son spikkel op stukkies glas
wat vassteek in die sand.

* * *

*somergas —
al oorblyfsels
van soldatedrome*

PHIL DU PLESSIS

— na Basho

DIE DRAKE EN DIE BENDE VAN KORAG

Die lorrie hou stil voor die koringstoor, Fanie roep 'n paar volk om die swaar kis af te laai.

„Bring 'n sterk tou en 'n paar breë planke en laat die kis versigtig grond toe gly. Kyk wat julle doen, Gaberjal! Dis 'n duur mesien, ver oor die blou water gemaak.”

Versigtig word nou die lang spykers uitgetrek en die staalbande verwyder, totdat die rooi Brasiliaanse roomafskeier op die bodem van die pakkis staan en vir die eerste keer deur die Suid-Afrikaanse son beskyn word. Fanie draai die skroewe waarmee die mesien op die bodem geanker is los, slaan die riem om die vier rooi staalpotte en sê:

„Lig hom, volkies! Maar versigtig. Versigtig!”

Onder die mesien is daar bondels ou koerante en strooi.

„Vat 'n hark en 'n besem, Adoons, vee alles op 'n hoop en verbrand dit, dit is goed wat uit 'n tropiese land kom, en 'n mens kan nooit weet watter kieme en skimmels dit saamdra nie.”

Fanie en die vier volk staan in die koue Bolandse winterson en verheug hulle by voorbaat in die vuur wat Prometheüs uit die godehemel gesteel het. Fanie steek die vuur aan sy rand aan, en die vlam skiet die hoop strooi en hout in soos 'n ontketende aardgees. Aan die anderkant van die hoop hoor die volk 'n geritsel: vier lidlose oë loer boosaardig onder die strooi uit na die volk, twee lang gifgroen akkedisse met pers strepe kronkel vaak-vaak uit die strooi, bespied die wêreld, skiet hulle gesplete tonge dreigend uit, skud die slaap uit hulle lywe, glip tussen die volk se bene deur en wip die groot pol snyruigte in. Gaberjal skrik só dat hy amper in die vuur val. Adoons praat reguit boontoe maar nié met die gode van Prometheüs se hemel nie.

In die volkshuisies agter die akkerbos het Gaberjal en Adoons-hulle in alle besonderhede hulle sprokie oor-en-oor-vertel, en elke slag is aan die epos aangelas. Die voetlange akkedisse het ál hoe groter geword totdat hulle die gestalte van halfwas krokodille aangeneem het. Verder kon die gediertes nie groei nie want anders sou daar nie ruimte vir die twee onder die Brasiliaanse roomafskeier gewees het nie.

Na 'n jaar het die winter weer eens verbygegaan, die varkblomme se swaar geil saadkoppe knak reeds hulle lang stele, en in die akkerbos sing die piet-my-vrou hulle loflied aan die grote god Eros. September is al volle somer, en Oktober so warm soos Januarie. Voor Kersfees en die Kersfeesgebak moes die huisvrou erken dat sy hierdie jaar moes eiers koop. Die

henne kloek-kloek en soek nes, maar nóg op Tuinplaas se werf nóg by die volkshuise is daar 'n enkele eier te vind. Ai Ludja vertel vir die Nôi dat haar pragtige kuikens wat 'n paar dae gelede uitgebroei het spoorloos verdwyn het en dat die hen hulle weeklaend en reddeloos loop en soek.

In die malvabome op die stoep is daar in die kwikstertjienesse geen enkele eiertjie nie, en die mak voëltjies se getal is opvallend minder.

Fanie se weduweemoeder, Ta' Yda de Kock, 'n baie gesette vrou, kry dit swaar in die stikhete November. Fanie het vir haar 'n dekstoel onder die akkerboom gedra, daar soek die ou mens lawing en brei lusteloos aan 'n lang groen affêre wat glo een dag 'n serp vir Fanie moet word. Die bol wol het reeds van haar breë skoot geval, die pofferhande beweeg nog, maar ál hoe stadiger, en Ta' Yda is wegdaar. Of amper, want meteens skrik sy nugterwakker, gil luidkeels, beur orent, verloor haar balans en val op die grond. Haar skoon dogter en die binnemeidjies snel haar te hulp.

„Ma! Wat makeer Ma? Is Ma siek?”

„Nee kind,” hyg sy, „ek het 'n afskuwelike nagmerrie gehad! Ek wou net 'n bietjie dut, toe val daar 'n nare groen draak uit die boom kadoef op my hande!”

„'n Draak? Maar Ma, ons het mos nie drake in ons land nie! Die makrolle wat ons vir tee gehad het, het seker nie met Ma geakkordeer . . .”

„Makrolle se voet! Ek sê jou 'n nare draak het in my skoot geval! Ek het hom daar in die selonsroosbos sien verdwyn!”

„Waailit, roep gou die baas! Sê hy moet 'n piksteel saambring, die Ounôi sê daar's 'n slang in die bos!”

Fanie en 'n jong kom aangehardloop, die baas het 'n haelgeweer en die jong 'n lang skaaphak.

„Archibald, jy karring in die bos, en ek staan gereed met die geweer. As die ding nie uitkom nie, steek ons die bos aan die brand.”

Archibald karring so al wat hy kan, en daar kom hy! 'n Groen akkedis soos 'n jong ouvolk. Die vroumense vlug die stoep op, en die draak wiggel onhandig oor die gladde werf boom toe. Fanie bars los, en die draak lê voete in die lug.

Die week wat volg, kom die volkies en bywoners en vertel van die boomdrake wat hulle teëgekome het. Die paar reptiel-immigrante uit Brasilië moes vinnig aangeteel het in die jaar wat verby is. Fanie roep 'n krygsraad saam en beloof dertig sent vir elke draak wat op die plaas van kant gemaak word.

En een dag sluit twee nuwe jagters by die geleedere aan. Die twee groot bruin huiskatte kom ewe plegtig oor die werf aangestap, en elkeen dra trots 'n draak in sy bek en sit dit gedienstig en trots voor hulle baas neer. Dan stap hulle wydsbeen oor die werf en gaan posisie inneem voor die werpsel katjies met hulle nog steeds geslote oë. Daar moes 'n woeste

geveg in daardie skuur plaasgevind het, een katjie makeer, maar die moeder het haar les geleer, sy en haar gemaal is nou gesoute stryders, hulle spreek met hulle baas en sê: „Laat die bokkers maar kom, ons sal werk met hulle agterstel!” En die sewe katjies het groot geword in 'n strenge skool, toe hulle nog katebakvisse was, kon hulle reeds hulle man staan en het die gedugte, genadelose drakofobie weer op hulle nageslag voortgeplant. Nog 'n twee jaar het die uitdelgingstryd gewoed, en toe was dit skoonveld met die ongewenste Brasiliaanse immigrante.

Een dag sê Fanie vir sy vrou:

„Dit lyk my 'n tweede bende van Korag bedreig nou die plaas.”

„Jy het tog nie weer Suid-Amerikaanse likkewane, ouvolk en addergebroedsels laat ontsnap nie?”

„Nee, hierdie keer is dit 'n inheemse bende wat hand-uit geruk het, die geelkatbende! Ek het die volk nou dertig sent belowe vir elke geelkatvel wat hulle vir my bring.”

„Dis 'n teelvreugdige kattegeslag daardie, die ou maarskalkwyfie onder hulle het al weer ag kleintjies.”

„Dié sal ons moet van kant maak, hulle sal die kattelulekkerland beërwe want die ou wyfie het nie meer die ondernemingsgees om hulle terdeë te indoktrineer nie. Hulle is laatlammers en boonskraapsels.”

„Fanie, luister na my, dis dinge waarvan jy as mansmens niks weet nie. Jy ken kattestryders maar jy ken nie katwyfies nie.”

* * *

. . . we kunnen nu eenmaal niet alsmaar zwijgend samenzitten; men wil kommunikatie, kommunie misschien wel. Dan staat daar het gediensige woord. Dat lamme, kreupele woord, die vervloekte ijsvorming, dat fatale misverstand.

. . . Laten we rustig dóórgaan met niet al te precies te weten wat we doen, of waarom. We kunnen het immers toch niet laten. Het komt wel in orde.

(J. C. van Schagen)

L'HIRONDELLE

Al die swawels is weg;
soms haal ek een baie somers oud
wat soet soos water ruik
uit'skemer sakke van my jurk
en blaas in sy neus
blaas in sy bek:
sy vleueltyes wil nie spreik
sy oë wil nie roer:
hy sit gebalsem in my hand.

LIG EN SKADU

Licht und Schatten
water en klip
woorde het my vergeet
woorde het my onthou
woorde het my ontglip
Fraternité

Clair-obscur
water en klip
woorde het my onthou
woorde het my ontglip
woorde het my vergeet
Égalité

Lig en skadu
water en klip
woorde wil my onthou
woorde wil my ontglip
woorde wil my martel
Liberté

DRIE GEDIGTE*

(1)

Vêr bo 'n hawevoel
 verweerde huise
 tussen skoorstene
 in die takelwerk van wasgoed
 plak 'n vrou seile
 op die wind
 hang sy haar lakens
 met houtpenne
 O lieflike soogdier
 haar amper naakte borste
 gooi strak skaduwees
 as sy opreik
 om die laaste van haar
 só wit gewaste sondes op te hang
 maar hul is verlief — nat
 en draai hulself om haar
 klewend aan haar vel
 So gevang met geligte arms
 gooi sy haar kop agteroor
 met geluidlose gelag
 en in keuselose gebaar
 skud sy goue hare uit
 terwyl in die onbereikbare seegesig
 tussen die wit waiende doodsklede
 die helder stoombote in reliëf staan
 tot die koninkryk kom

* Vertaal deur Marié Blomerus.

Uit *A Coney Island of the Mind*.

© 1955, 1958 deur Lawrence Ferlinghetti.

(24)

Picasso se akrobate bevat die wêreld
en daar was tagtig kerke in Parys
wat ek
nog nooit betree het
en my hoteldeur
het verskriklik geglimlag
en woorde was trompette
onsamehangende papegaaie
babbelende afgode
maar daardie nag droom ek dat Picasso
deure oopmaak en uitgange toemaak
deure oopmaak en uitgange toemaak in die wêreld
Ek het gedroom
hy skilder 'n Picasso
in my kamer
skreeuend die ganse tyd
Pas symbolique!
C'est pas
symbolique!

(27)

soet en wisselend die lewerik
wat by die ongekoopte hek sing
en tog hoe baie
wilde diere
hoe baie kranksinniges
in die burgerlike ruigtes
Hölderlin
in sy kliptoring
of in daardie liefdevolle timmermanshuis
by Tübingen
of dan Rimbaud
sy 'nagmerrie en logika'
'n sofisme van waan
Maar ons het ons eie meer onlangses
wat ook fataal aangeneem het
dat 'n direkte verband
bestaan tussen
taal en werklikheid
woord en wêreld
wat 'n grap is
as jy my vra
ek het ook gedrink en
die spinnekop gesien

NAGBOOT NA IERLAND

Op die aand van 26 Desember 1963 bevind ek my op Eustonstasie. Met 'n mate van onthutsing kyk ek na die reis-kaartjie in my hand: London/Dublin — Dublin/London; onthutsing, ja, want 'n paar uur vantevore had ek nog hoe-genaamd geen plan om Ierland toe te gaan nie. En hier sit ek nou, reisgereed; en ek wag, saam met ander, in 'n wagkamer!

Na my impulsiewe besluit moes ek so rondspring om reëlings te tref dat ek geen eetskans gekry het nie. Ek kyk na die wagkamerhorlosie, neem dan my tassie op en loop soek na 'n kafee. Maar dis Boxing Day en alle kafees is gesluit. Outomatiese appaarte vir sjokolade, melk en tee het uit simpatie gestaak. Of dalk onder dwang — werkersunie?

Terug na die wagkamer. Dis 'n skoendoos met groot vensters alkant wat na ander vensters op ander perronne kyk. Hoekom fluister mense altyd in 'n stasiewagkamer? Dit laat hulle na martelare klink. Hier sit hulle, regop en dunlippig, hul mandjies, sakke, pakkies en koffers soos skanse om hulle opgestel, kompleet of hulle gedoem is tot die aanstaande reis. Onderneem niemand dan ooit 'n reis uit eie, vrye wil nie?

'n Jong man en 'n meisie soek hitte by 'n suinige verwarmmer. Hulle het inderdaad hitte nodig. Sy verwag. Miskien is hulle selfs getroud, maar die kind-op-pad bly 'n probleem. Albei is honger — en as die kind eers daar is? Sy is ouer as hy — of miskien lyk dit maar so omdat sy moeg is. Hy lyk nie minder verweese nie, 'n seun nog, met 'n vuil seilbroek aan, 'n verbleikte truihemp, 'n baadjie van 'n vroeëre pak. Sy het 'n vuil, afgedraagde jas oor 'n katoenrok aan. Gaan ek hulle weer op die trein of die boot sien? Of is hulle straatvlinders wat deur die skyn van warmte en lig stasie toe gelok is?

Skielik is daar beweging onder die wagtendes: 'n stem het iets oor die luidspreker aangekondig. Die aankondiging word herhaal. Ek neem my tas op; anker my daaraan.

Die trein na Hollyhead rammel deur Wallis. Sneeu buite — skraps sneeu, die laaste wat in die sak was. Maar nietemin sneeu. By 'n stasiekroeg sien ek die spook van Dylan Thomas en wuif hartlik tot siens.

Dylan Thomas is nog in my gedagte wanneer 'n vreemdeling my aanspreek. Hy staan verleë in die kompartementdeur; 'n Ier — sy Keltiese spraak openbaar hom. Jongerig. My glimlag, oorspronklik vir Thomas bedoel en nog nie uitgewis nie, moedig hom buite alle verhouding aan. Hy is in 'n penarie, vertel hy; met die groetery en opwinding op Euston het hy sy

kaartjie verloor, en met al die feestelikhede van die jongste dae sit hy nou sonder 'n bloue duit in sy sak.

Ek verman my teen my simpatie. Daar is reeds te veel mense wat geld aan my skuld. 'n Mens kan verlief raak op die rol van Barmhartige Samaritaan en dit sou 'n sonde wees wat jou goeie gifte een na die ander kanselleer. Ek gee kwistig raad, maar bied geen geld aan nie.

Die Ier loop weg, maar kom weer terug. Hy vra ontroerd na my familie en slaan die kruis wanneer ek van my suster se bloedvinte vertel. Hy verdwyn weer en kom weer terug. Nou gaan dit gebeur. Sweet breek op ons voorkoppe uit.

Maar ons is in Hollyhead voor die groot woord gesprek kan word. Soos 'n Jorik word ek, tas en al, deur die beurende mensemassa opgeneem. Iewers agter my is 'n bleek Ier in 'n predikament. Maar ek snuif met gemaakte lighartigheid die teer-, sout- en oliereuk van 'n hawe in. Ek druk vir my 'n pad oop vorentoe, skip toe — na Dublin, Dublin tamp dit in my slape.

'n Boot na Ierland — of terug daarvandaan, soos ek later sou uitvind, het iets van 'n immi- of emigrasieskip. Iets van 'n noodtoestand. Van oorlogsomstandighede. Daar is nie sitplek vir die helfte van die reisigers nie. Die meeste leun iewers teen iets. Party sit op bondels toue, tot die seesprei hulle na 'n ander sitplek verdryf. Party raak op koffers op die tussendek aan die slaap; ander sit beenbengelend op tafeltjies in die eetsaal. Die kroeg bars uit sy voë. En niemand kla of lyk ongelukkig nie — behalwe dié wat seesiek is. Selfs hulle is nie misnoeg nie, eerder verskonend.

Dié lewensdrif wek my verwondering. Die meeste Iere op die skip moet bra arm wees; ek merk dit aan hul klere. Tog is hulle volkome onverskillig omtrent hul voorkoms, so heerlik, onverskillig: van wanneer af maak vere die voël? Hulle aanvaar hulle armoede as 'n voldonge feit; maar dis geen kalm of verleë aanvaarding nie. Hulle aanvaar alles heftig — siekte, dood, rykdom, liefde. Dit verbaas my nie dat Ierland se selfmoordsyfer die laagste ter wêreld is nie.

Ek betrap my daarop dat ek die heel tyd na die Ier sonder kaartjie soek. My sin vir poëtiese geregtigheid — teenvoeter vir 'n skuldgevoel? — hou die hoop lewend: dalk is hy tóg op die skip? Ek kan en wil nie daaraan dink dat hy nou eensaam tussen die doeanebeamptes en -polisie van Hollyhead staan nie. Vir my eie gemoedsrus móét ek duidelikheid oor sy lot kry. Dus: 'n georganiseerde soektog. Van slaap sal daar in elk geval niks tereg kom nie.

'n Slaaplose nag op 'n veerboot word 'n nag van verkenning: naby-opnames van gesigte en mense wat ek uit die letterkunde leer lief kry het. Die Iere is géén Engelse nie, besef ek vir die soveelste maal. Hulle is Italiane of Spanjaarde wat Engels praat. Nee, dit stel die saak te eensydig; dit maak nie

voorsiening vir hul essensieel Ierse hoedanighede nie — moedswilligheid, robuustheid, digterlikheid.

Die tipiese Ierse gesigte op die boot boei my. Té tipies Iers, voel ek — dis 'n skeepslading Iere vir Ford se jongste Ierse rolprent! Die meisies het almal 'n klap weg van Maureen O'Hara; die mans het donker, onstuimige hare en blou oë; en dikwels het hulle rooi vlekke op hul wangbene.

Ek steier van bakboord na stuurbord — die Ierse Kanaal is nie verniet berug nie — klouter oor bene en koffers; eindig uiteindelik in die kroeg. Hier word nog steeds gesing, maar die liedjies het minder opruiend geword as vroeër in die nag. Dis nie meer

„There are three lovely lasses in Bannion
Bannion
Bannion

There are three lovely lasses in Bannion
And I am the best of them all”

nie. Dis nou:

„The pale moon was rising above the green mountain,
The sun was declining beneath the blue sea.”

Ek is soos 'n kamera ingestel op die aanwesiges. Speurend kyk ek van links na regs en van regs na links. Dan ruk die beeld uit fokus — styf langs mekaar sit die paartjie van die wagkamer, 'n soveelste Guinness voor hulle! Aandagtig volg hulle die leiding van die dirigent, 'n man met groot, rooi hande en 'n groot, rooi gesig. Sy pet hang verlep oor sy een oog, en as hy sy kop teruggooi om 'n hoë noot aan die manelpante beet te kry, vang sy horlosieketting die lig.

Die grootste bewonderaar van die dirigent is 'n ou vrou met 'n swart woltjale om die lyf en 'n pers doek om die kop. Haar glasblou kinderoë volg elke beweging wat hy maak; kort-kort lag sy so 'n stil laggie van pure lekkerkry. Die groot, ronde ou gesig het vriendelik verweer oor die jare: rooi klei wat verwelk het tot ligroos, en bros geword het, en stadig, stadig afskilfer tot op die been . . .

Nou bly daar nog net één moontlikheid oor: die toiletkamer. Eintlik moes ek vroeër daaraan gedink het; op so 'n onstuimige oorvaart is dit tog 'n hoogs waarskynlike asiel.

Ek wil net bly raak wanneer ek die deur van die toiletkamer oopmaak, maar helaas, dis nie die Ier sonder kaartjie nie, maar een wat byna soos hy lyk, wat flouerig teen die wasbak aanleun. Ou boetie, dink ek, as jou nooi jou nou kon sien — selfs die blinde liefde het sy grense! Hy is bleek en bedremmeld, met sweet op sy voorkop en bolip, maar wanneer hy my gewaar, glimlag hy dapper.

As ek nou goed is vir dié Ier, dink ek, boet ek dalk só vir die ander een.

Hy merk dat ek stip na hom kyk. Met 'n optrek van sy skouers begin hy verduidelik: „My binnegoed vir die visse gevoer . . .”

Nog is dit het einde niet, want op dié oomblik skuif die boot onder ons uit; 'n nare sensasie, al of 'n mat onder jou voete uitgepluk word. Die toiletdeur word oopgeruk; twee, drie, vier beproefdes storm die vertrek binne om so gou moontlik by was- of spoelbakke uit te kom. Die Beproefdes knak oor die wasbakke. Dit word 'n kakofonie van onnoembare geluide; ook agter die deure van die latrines word die oorgawemotief opgeneem. Ek kan my in 'n middeleuse folterkamer waan.

„Kom,” sê ek beslis, „hier moet ons uit. Ek het 'n uitstekende middel teen seesiekte.” Ek skud 'n paar ouderwetse pepermente uit 'n kardoos. „Neem nog,” dring ek by hom aan, „stop jou kieste vol. En kom saam dek toe, die vars lug sal jou goed doen.”

Of dit die werking van my goedkoop sielkunde is, en of die deining bedaar het, weet ek nie, maar in die koue naglug, met die sout seesprei elkers teen ons gesig, begin die Ier weer mens word.

Of dit kan die liggies op die einder wees — die wasige liggies wat die baai van Dublin uitstippel.

„Dun Laoghaire,” sê die Ier.

„Hoe nou?”

„Dun Laoghaire. Daar klim ons op die trein. Dublin is net 'n kwartier se ry van daar af.”

„Dublin,” herhaal ek, my stem vol nostalgie oor die onbekende.

Die Ier kyk skepties na my.

„Dublin kan gaan. Dit ruik na see daar, en na bier; veral na bier. Maar Cork, dit is waar my hart is.”

Hy steek sy hand in sy binnesak. Wat ek lankal verwag het, gebeur; hy gaan vir my 'n foto van sy nooi wys. En die beduimelde foto van 'n Kathleen of 'n Kate, tussen eende en ganse aan die agterkant van 'n witgekalkte huis, word 'n besondere toegewing; dit is 'n paspoort tot die vreemde; my skuldelaas is afgekoop!

* * *

*lenteroën:
in ons drastoel
jou fluisterstem*

PHIL DU PLESSIS

— na Buson.

BOOM IN DIE WINTER

Nou dat als wat aan jou groen en ronding
was
moes val
en jy gebeitel tot 'n tweede maagdskap
sterker staan
moet skadu's van die groen seisoen
wyk
voor jou strakker kyk

val bring ruimte
en as die rou seisoen
aarde en lug spoel tot kaalte
in die eter
word jou kontoere lyn vir lyn
weer helder
en met 'n onbevange reik
kan jy die bitter winde

aan hul kele gryp
en met 'n hoër staan
kan jy die Betlehem
in 'n ster bewaar
en met 'n dieper tas
hou jy die dood
in die wortelgreep van lewe vas.

SWAEL IN DIE SKRIF

Mooi soos die ronding in die arm van 'n dogter
weerloos soos die gewrig van 'n seun
hul naam 'n arc de triomphe
en hul koms 'n teken van die water

skryf-hul
skryf-hul
swart-op-blou
'n Rig Veda in sanskrit

my pen
stomp beitelpunt maar al wat ek besit
laat sak bedeesd sy kop en ween
oor wat nie wou vlieg uit swart-op-wit

BY DIE NAAMLOSE WOORD

'n Duisend woorde sterf
tussen die dink en die sê
met net 'n kruis se nabetrugting
waar hul treurig soos soldate lê

wat in die stof van Vlaandere
naamloos dood moes bloei
sodat seisoene later
papawerhande uit hul bloed kon groei

het Hy ook by Samaria tussen dink en sê
Sy woorde in die stof laat byt
en met Sy swye 'n blom geplant
bo hul verslote ewigheid?

juis om die rooi papawer
vryf my vingers vryf en vryf
oor die gesneuwelde aarde van die woord
O wat het Hy by Samaria

in die stof geskryf?

DAG BREEK

Lank voor die dagbreek
het my oë die oggend gaan soek
oggend
genesis van die berge
met armsvol bome
bome vol voëls
en 'n tortel se bors
ontbloot teen die lug
en die eerste sekondes
smelt reeds op die gras

rol die oomblik
tussen wysvinger en duim van die oë
oomblik
soos 'n pêrel wat glip
voor hy val
voor hy skerf
voor hy treurig sterf
in duisend splinters dag

RUITER MET PAARD

Met volstrekt gestrekte hals
En ogen van glas
Rijst het paard
En zijn tuimelende ruiter

Uit een muur van bladgeel
Geen dier sterft koninklijker
In het wier van de stervende zon
Dan het paard dat draagt

Van de temmer de eerste schreeuw
Van de dood de bevrijdende ruimte

GOG EN MAGOG

Het doopsel van dood
Opent het feest van het beest
Gog en Magog
Met hoornen hoofd

Tot smelten bereid
Treffen wij elkaar
In een
Boomgaard vol licht

Radium
In de
Ruimte
Van het ongeborene

MANTIS

Groeit het landschap dicht
In een korst van schors en koorts
Sterft de biddende mantis
Verwekt in een mantel van slijm

Over de woestijn van de wereld
Wordt de nacht weer nacht
Algen bewegen gedurig
Nadert nu het blijde beest

In de schrei van zeer zuivere duiven
Met etter in de spieren
Met kanker in de liezen
Met een mes in de mond

TUINEN VAN WATER

Duiven duiken uit dit versplinterd lichaam
Tuinen van water bergen het licht
Wat werd geboren uit holten van bloed
Is reeds gestorven

Voorbij het smeltpunt
Begint het heldere weten
Alleen in holten van steen
Het hijgen van Hölderlin

*die see is donker,
die roep van die wilde-eend
vaagwit*

PHIL DU PLESSIS

— na Basho

WEER OP OUMA POLLIE SE PLAAS

Kersfees is nie meer dieselfde nie . . .
en tog

Dis dieselfde ou plaas
En dieselfde ou boom
Wat weer vanjaar in die voorhuis staan
Maar die tertjies en die gemmerbier
Het saam met my ouma minder geword
En vanjaar was daar niks
Net die liedjies van die volkies

Maar die vlaktes
En die lug wat te veel sterre het saans
Laat my keel toetrek
Ek verlang na die grootstad
En my vriende.

Kersfees en ek
Is nie meer dieselfde nie . . .
en tog

* * *

*Van hoër en al hoër babeltorings
kry ons daagliks nuwe vergesigte,
maar groter word die spraakverwarring
onder die al hoe skerper ligte.*

U. M. GERRYTS

DIE POSKAR*

Pa het die poskontrak. Dis die eerste kontrak waarvan ek in my lewe gehoor het. Dat hy die poskontrak het, beteken dat hy een of twee keer per week sy middagslapie — wat onder die eenuurnuus begin — by die tiende lang snork afbreek. Eintlik word dit vir hom afgebreek as Ma voor die outydse rusbank in die koel voorkamer kom staan met 'n: „Ou-man! Thyyyys! Hier's jou bittertjie.” (As Pa slaap, slaap hy!) Dan het sy al die trein iewers om een van die boonste draaie in die vallei hoor fluit.

Maar al is die trein ook laat, as die middagete se skottelgoed klaar gewas is en Pa se bittertjie getrek het, maak sy hom op posdae in elk geval wakker. Dan sê sy: „Makkedas is weer vandag stadig . . .” en sy kyk na die horlosie bokant die rusbank.

Pa se poskontrak is ook nie 'n kontrak soos ander kontrakte nie. Eintlik beteken dit dat hy petrolgeld kry om by ou vriende te gaan kuier, minstens vier koppies koffie na sy middagbittertjie drink en elke moontlike storie en skinderstorie te hore kom bo uit Voorbaat uit, waar hy — onder Swartberg — sy draai maak, tot op Vyversrust — die plaas naaste aan ons huis — net oorkant die rivier (wat al net soveel watersake veroorsaak het as oorstromings!).

Maar skinderstories is by hom veilig, jy moet dit uit hom uit-trêk met 'n knyptang, anders wag hy tot Ma die storie êrens anders gehoor het en smaaklik vir hom vertel voordat hy antwoord: „Mmmm . . . ek het dit met die posryery al gehoor.”

Daaroor word sy hulpeloos kwaad, want meestal is dit 'n storie uit Voorbaat uit en sy is dan nou juis op Voorbaat gebore en het daar grootgeword.

Vyversrust, Grootrivier, Zeekoegatsdrift, Voorbaat, en vroeër nog Van Zylsdamme ook — dis Pa se afklimplekke.

Die mense wat nog nie daar was nie sê maklik elke plaas in die Karoo het sy karakters, maar dis net langs die kol. Die waarheid is dat daar nie een mens op een van die plase is wat nie 'n karakter op sy eie is nie. Nie twee plakkiebome lyk eenders nie en nie twee Ladismitters is dieselfde nie. Daarom ook dat, as jy net 'n plaas se naam noem, jy enige storie kan begin met „hy” of „sy”. Dit wil sê teenoor nuwe intrekkers wat nog die plaasname nodig het. Gebore Ladismitters weet van wie jy praat al noem jy nie eens die plaas se naam nie.

* Hierdie skets is geneem uit „Dorp in die Klein-Karoo,” 'n bundel sketse van die skrywer wat eersdaags by die Afrikaanse Pers-Boekhandel verskyn.

Vyversrust, by oom Stoffel en Ta' Miem, is die eerste stop. Hulle het 'n plaaswinkel net soos ons s'n: winkel, poskantoor, geselsplek in dieselfde kamertjie tussen die rakke en die meel-sakke. 'n Niggerball wat jy daar koop, smaak lekkerder as dié by ons. Snaaks dat Fanie, hul seun, weer net andersom weet te vertel, maar hy jok. Hoekom — as dit dan so is — sou ek die moeite gedoen het om lekkers uit ons winkel te steel net om dit aan oom Stoffel te gaan verruil vir syne? Ek is mos nie mal nie! Eerlikheid help op die lange duur: hy't die ruil nooit aanvaar nie. My goeie bedoelings was genoeg om hom sommer te laat géé . . .

Van almal op die posroete kon oom Stoffel die lekkerste lag. Al moes hy dag-in, dag-uit pyn verduur van 'n been wat hom nooit met rus gelaat het nie. Ta' Miem weer het altyd tee gemaak in plaas van koffie. Bossietee. Regte bossietee.

Van Vyversrust af loop die pad by Kerkplaas verby — „oor die nekke” — tot by Grootrivier, waar Ella de Wit op Pa se poskar se stof let soos Ma op Makkedas se fluit.

„Hoe gaan die met jou Pa-hulle?”

„Goed, Oom. Met Aunt Hester?”

„Ookso.”

„Oom sal nie die possak vergeet nie . . .”

„Nee, toe maar . . .”

Weg is ons weer. Na Aunt Joey Daël toe. Aunt Joey Daël het eers op Winkelplaas gewoon. Sy was die stasiemeesteres by ons en sy het elke oggend met haar groot bos sleutels na die sinkgeboutjie toe gestap om „konsaaimenouts” uit te skryf en trokke te bestel vir die boere.

Totdat, totdat oom Daël, 'n wewenaar, se vaal kar treindae of nie treindae nie langs die stasiegeboutjie begin staan het.

Ma het destyds gesê, slaan my dood, Joey het vir my niks vertel nie en Pa het net geglimlag en agter sy kop gekrap, wat beteken hy máák of hy iets geweet het. Maar ek was aan die treurige kant die dag toe die twee getroud is, want Aunt Joey kon lekkerder melkkos maak as Ma, en haar huisie met die outydse orreltjie in was gesellig en het altyd na kanfer geruik. Buitendien, het ek gedink, waar sal Oumaat, haar broer, nou soggens koffie drink dat ek en hy kan gesels ocr hêrikoktails (helikopters).

Maar Aunt Joey het ingeburger geraak op Zeekoegatsdrift; sy het leer karringmelkbeskuit bak en oom Daël se biltonge was gereeld een minder nadat ons daar weg is.

Uitvra na almal op Winkelplaas doen sy gereeld: van die Jordaans af tot by Oumaat en Kathleen, en van elkeen moet Pa volledig verslag doen, want met 'n halwe storie was sy nog nooit tevrede nie.

In een waarheid glo sy vas, al gebeur wat nou ook al met wie nou ook al: mens moenie onder 'n hoenderstellasie deurloop en as jy vuil word, sê dis die Voorsienigheid se skuld nie!

As daar minder as 'n half uur verbygaan voor ons ons koffie-

koppies agteruit stoot en afsit Voorbaat toe, is Aunt Joey knorrig, want sy kan nooit verstaan hoekom 'n mens geselligheid sal verruil vir haastigheid nie.

Voorbaat is die enigste plaas waarvan ek weet wat voorstede het.

Op Voorbaat is die helfte van die mense of De Wits of Stassens.

En op Voorbaat is Annie-van-Charles (ook 'n Stassen) die posmeesteres. Op al die ander plekke word die winkels gebruik vir 'n poskantoor, maar vir die uur of wat op posdae is Annie se winkel h eltemal 'n poskantoor. Wie iets wil koop, moet wag tot die pos gesorteer is, want Voorbaat en sy omringende plase het baie inwoners met kinders van die Kaap tot in Johannesburg.

As die motor onder die vyeboom agter 'n omringende muur getrek is, kom haal een van die kinders, wat uit die skool kom maar oorbly om die pos saam te neem huis toe, die groot seilsak. Dan staan Annie agter haar toonbank en wag. Langs haar lê 'n kombuismes waarmee sy die loodjie mooi lossny voordat sy die sak langs haar op die toonbank omkeer.

Eers word die pakkies en die koerante uitgedeel, want hulle is die grootste. Daarna die briewe. Voor die toonbank staan die kinders en wag en agter hulle op kissies en sakke sit die grootmense wat kans het om self te kom.

„Dowe-Jan op die Vlakte!” roep Annie asof sy die naam aflees van die koevert af. „Jan Bains op die Vlakte! Jan Bekkies! (Wie's hier vir Patattakaap se pos? Jy moenie die briewe verloor nie. Wag, ek sit almal eers hier neer, dan bind ek dit later vir jou met 'n lyntjie was.) Arrejan op die Vlakte! Herrie Els op Draaiom!”

Intussen het oom Gert Petoors (Pretorius) van Sandpoort ingeskuifel gekom. Hy gaan sit op 'n halwe meelsak in die hoek en steek sy pyp aan terwyl hy verneem hoe dit met almal om hom gaan. „Het Stefaans van Emmie Bains toe al teruggekom van Laingsburg af?” vra hy in 'n fluisterstem.

„Piet Stassen van Patattakaap!” roep Annie en kyk oor die koppe tot daar 'n hand uitgesteek word om die brief te vat.

„Ewert Breenant in die Hoek!” Maar as oom Gert Petoors darem te hard sit en praat, vat sy eers een van die skaal se gewiggies en stamp daarmee op die toonbank. Gert maak almal rondom hom stil met sy vinger op sy lippe, asof hulle die geselsers is.

„Hier's 'n pakkie vir oom Izak van Mertiens en Etta af. Die brief van Hettie en Org waarvoor hy moet teken, lê ook nog hier. Is Hannie nog daar? Sê tog sy moet die goed vir haar pa kom haal. Hier's nog 'n slopie okkerneute ook wat sy vir haar moet saamneem Worcester toe. Jan Bekkies in die Kaap! Kleinjan op die Vlakte! Ewert Breenant in die Hoek! Joey Stefaans! Emmie Bains! — ag, sê tog vir mies Emmie die pakkie wat sy vir Du Preez Suidpool toe wou stuur, het teruggekom.

Die mies moet maar self hiernatoe kom. Nog een vir Hannie van oom Izak! Oom Gert . . ."

Hy staan op, vat die brief en begin dit stadig oopmaak, maar halfpad hou hy daarmee op en stop dit in sy sak, omdat hy agtergekom het hy het nie sy bril by hom nie.

„Sê vir jou Pa hy moet netnou daar by my in die Sandpoort stilhou. Ek wil vir jou ma 'n paar ertappels stuur en 'n bossie van die katjepiering wat daar bokant teen die slootwal groei,” sê hy vir my. „Gaan julle nog Van Zylsdamme toe ook?” Toe Annie se hand met die gewiggie al in die lug hang, sien hy dit raak en gaan weer tjoepstil sit. Hy verwag nie nog 'n brief nie.

As die hele possak leeg uitgedeel is, begin Annie die vorms invul, gooi die briewe wat weer moet teruggaan en dié wat moet weggaan in die sak en knyp die sluitloodjie aan die lyn om die sak se bek met 'n tang toe. Sy glimlag. Nog 'n posdag is verby.

Maar Boeta Stassen is 'n bietjie laat. Hy kom staan in die deur met sy kakiehoedjie op.

„Pos vir my?” vra hy, maar hy skud self sy kop asof hy verwag dat daar niks sal wees nie. Toevallig is daar een. Hy kyk daarna — dis 'n rekening — sit dit weer op die toonbank neer en sê: „Stuur maar saam met een van die kleingoed huis toe. Ek het nie nou tyd vir rekeninge nie. Die perskes se geld het nog nie gekom nie. Hulle kan wag.” En hy stap weg.

As jy Boeta Stassen iewers kan kry en al sy knope is vas en al sy veters geknoop, kan jy sweer daar is 'n snaakse affêre op Voorbaat aan die gang, sê die mense. Aan knope en veters steur hy hom nie baie nie, daarvoor is sy hart te goed: die tyd wat jy spandeer om alles vas te kry, kan jy gebruik om met iemand 'n grappie te maak.

Buite by die motor staan ou mister Krynauw met Pa en gesels. Hy ry saam tot by sy huis, gesels onderweg oor alles waarin 'n Ladismitter nou juis nie sal belang stel nie, bloot omdat hy te slim is, soos die mense sê. Hy lees boeke wat g'n ander mens lees nie en die Bybel ken hy uit sy kop uit. Die predikant is vir hom so bang soos die duiwel vir 'n slypsteen. As hulle a sê, sê hy b.

Lank voordat daar provinsiale biblioteekdienste was, was ou mister Krynauw my biblioteek. Elke week het ek ses boeke daar by hom weg, volgende week bring ek hulle weer terug, vat weer ses nuwes.

'n Ouer geslag het by hom skoolgegaan, maar toe ek hom leer ken het, was daar 'n nuwe meester op Voorbaat en hy het mister Krynauw geword. Daar word vertel dat hy nagte lank aan 'n probleem kon sit en uitwerk, maar presies watter soort probleme het niemand ooit geweet nie. Met sy wit kop en sy kerie kon hy vinnig loop. Hoe vinniger hy dink, hoe vinniger het hy altyd geloop. En praat jy met hom oor die droogte, dan praat hy van goed waarvan jy geen kop of stert kan uitmaak nie. Hy was getroud met Ta' Malie. Solank hy aan sy probleme gesit en uitwerk het of in sy kamertjie tussen die boeke rondgepeuter

het op soek na iets wat hy wou oplees, het sy klere gemaak.

Van Voorbaat af begin die terugtog.

Weer afklim by die plekke waar die ander possakke afgegee is, weer koffie drink. By Ella hang die sak buite aan die hoenderhok, sodat my Pa net sy hand by die venster kan uitsteek om dit van die draadogie af te haak, maar sedert hy dit eendag ingedagte vergeet het, staan Ella gereeld as ons verbykom in die hoenderhok en hoenders kosgee . . .

As die son sak en die holte waarin Winkelplaas lê vol skaduwees loop, kom ons weer „oor die nekke”. Ma hou die pad dop. As sy ons stof sien — hoe sy ons stof uitken tussen al die ander, het ek haar nooit gevra nie, maar sy kry dit reg — gooi sy weer die koffiewater deur die koffiesak, vee die koppies (wat sy net vantevore gewas het) met 'n skoon doek uit en gaan haal die brood uit die spens.

Op posdae is daar voor elke aëndete 'n vieruurtjie.

Pa soek eers na die koeksoda voordat hy Ma se koffie drink. Sooi-brand van al die ander!

Die possakke word uitgehaal, weggepak om op die trein te sit wanneer dit die volgende dag verbykom. Ma probeer uitvis wat die nuus is, maar ons is so toe soos potte. Makkie moet die stoof aansteek. Pa moet kyk of daar genoeg olie in die lamp is vir die aand.

Somers sê Ma: „Dis nog vroeg,” as sy ons koffie voorhuis toe bring en op die horlosie kyk. Winters sê sy: „Steek aan die kaggeltjie, ou man. Dis al laat.”

Sewe-uur, terwyl die nuus gelees word, word geëet op die wit damasdoek aan die groot spenstafel waarby daar al baie Nuwejaarsdae tot twintig mense gesit en smul het.

Buite voor die kombuisdeur kom staan een van die spoorwegwerkers agter die gaasdraad wat die vlieë buite hou. Nee dankie, hy wil nie inkom nie, hy kom net vra of daar pos gekom het vanmiddag. Ja, Aunt Hester kan maar Aunt Baby Mattewis se pos ook gee — hy ry nou in dorp toe, dan kan hy dit sommer daar by haar afgee.

Uit my buitekamer uit sien ek die gaslamp stadig opvlam in die voorhuis. Ma kom staan in die deur en sê: „Jy kan nie in die donkerte lê en lees nie. Het jy en ou mister Krynauw weer vandag oustories gesels? Kom eet.” Ek stap oor die werf en gaan sit langs die tafel, buig my kop.

„ . . . mooiweer en warm,” lees die aankondiger die nuus oor die radio. „ . . . en nat op die sand,” sê Pa. „Kom ons bid. Maak toe jou oë. Zegen Vader . . .”

„Is daar vanaand iets op die draadloos, Pa?” vra ek. Maar posdae is gewoonlik Dinsdae. Simfonie-aand. Daarom sê Pa: „Nee net Sjaikofski en Willewofski. Batterymors.”

Ná ete gaan sit hy in die voorhuis, trek eers 'n paar skywe aan sy pyp en vat dan die briewe wat Ma op die tafeltjie gesit het.

Nou kan hy sý pos lees.

ONTVLUGTING

As ek van die sorge
om my 'n blou
kokon kon spin,
kon ek tydloos
slaap en as
'n blouvlerk skoen-
lapper ontwaak —
en nooit weer weet
van die kokon.

TOLBOS

Soos teen 'n heining
in 'n najaarswind
papiere
waai
herinneringe
inhoudloos:

terugrit in
die reën. pers
blomme langs
die straat. die stad
se robot-oë.

Elke man op straat
is vir 'n oomblik
jy. Jy is
die vreemdeling,
groet korrek:
Tot siens.

NOCTURNE

I

Ek wil jou
liggaam lees
jou hande
jou oë
jou mond

ek verstaan nie al
jou woorde nie

II

Sing vir my
'n wiegelied
jou hande

die nag weet
dat ek jou
liefhet
in my slaap

OPENBARING

I

Die bom het op New York geval:
in Moskou is die babas mal.

As 'dit in Moskou, Peking reën,
hoor jy die ongeborenes ween:

Die wind wat uit die Weste waai,
is radio-aktief gelaai

en uit die hoër gordels sif
die fyn, wit as . . . die fyn, wit gif . . .

II

Ons haat ontlaai nou in die Bom:
Die Opstanding sal later kom.

Uit dié verderf van dood en pyn
sal weer 'n Betlehemster verskyn:

Uit hart en heugnis sal sy lig
ons denke na die Daeraad rig:

Ons lyding sal die Liefde bring
waarvan die môresterre sing.

HERLEWING

Dit reën! Dit reën! Wyd oor die land
spring koel, wit druppels teen my hand.

Bly hoor ek die babala ruis,
blink strome borrel om die huis!

Nou word die soetgras vinnig jonk.
Desember sal my mielies pronk!

Laatmiddag stap my stamboekswart
beestroppie blinkvet deur my hart!

ASTRALE BOODSKAP

Sneewind het in die kerkhof deur
gruishopies in sy hart getreur.

Met wit gesig het hy gevrees:
een nag sou hy net liggaam wees

en nooit hierná die lig verstaan
van die mistieke nanagmaan.

Hy 't later by 'n bed gestaan:
'n kind het saggies weggegaan

en toe sy op 'n wit wolk dryf,
vir maatjies teen die dak gewuif.

* * *

*Hy sê net een woord
en lippe vries
in die herfswind*

PHIL DU PLESSIS

— na Basho

SAREL SMIT

LEGENDE

Ek kan my ongeduld
ontevrede nie verklaar;
op die ashoop lê
'n jerusalemmer
in heilige vrede;

ek wil prontuit praat,
verstar: gedagtig aan
die dowwe streep,
kruis op sy rug.

OU JOOD

Die dol gejaag na geld
het hom
in agterstrate van
die eensaamheid
hartklaar weg gegooi.

VRAG

Anders lyk vanaand:
die sonder-jou
stoot ek opdraand.

Vandag het ek
van niksdoen weer
ou rowe afgekrap:
hier sit ek met
my skoorsteen bors,
'n klomp ou pyn.

Liewers een dag val
en flenters breek
as langsaam kraak,
lelik word
tot op die ashoop.

DIE NUWE JAS

Magdaleen sien die jas toe sy die middag ná skool deur die stad stap, traag om huis toe te gaan na haar ma toe. Die jas hang alleen in 'n groot venster sodat 'n mens dit móét raak-sien. Die hele lewe beweeg deur die jas. Mense stap in 'n blink lig daardeur en motors ry daardeur met sonlig skitterend op hul kappe.

Maar toe sy die aand by die huis kom, sê haar ma: „Jy het nie 'n nuwe jas nodig nie.”

Haar ma sit in 'n rystoel met 'n gryns kombes oor haar bene. Al kom sy baie selde meer op haar voete — en dan net met Magdaleen se hulp — weet Magdaleen maar alte goed haar ma is goed ses duim langer as sy. Sy moet altyd na haar toe opkyk. En selfs nou dink sy nog, soos sy altyd as kind gedink het, dat haar ma van adellike afkoms moet wees. Daar is die aristokratiese lyne van die neus en ken, ten spyte van die sieklike geel van haar gelaatskleur, en die trotse, gemaklike houding van die kop.

Magdaleen word klein weerkaats in haar ma se swart oë. Maar sy moet haarself verweer.

„Of ek die jas nodig het of nie, is tog seker iets waaroor ek self moet besluit,” sê sy hard. „Ek moet elke dag tussen mense beweeg. U nie.”

Haar ma sê: „Jou blou jas is nog heeltemal goed. 'n Mens moet versigtig wees dat jy jou nie oorklee nie.”

Tot diep in die nag laat Magdaleen haar lig brand om vir haarself te probeer uitmaak wanneer die mens oorklee is en wanneer jy net reg aangetrek is vir die eise van die dag. Maar toe sy om kwart voor twee die lig afskakel en die donker soos 'n gesig na haar toe aankom, moet sy besluit dat haar ma tog gelyk het. Haar ma se swaar, effens hortende asemhaling in die kamer langsaan is haar enigste beveiliging teen die donker. By die skool het Lida haar al dikwels gesê sy behoort haar moeder in 'n inrigting of 'n tehuis te plaas. Sy kan nie die hele dag werk en dan nog 'n invalide werklik goed versorg nie. Dit is nie reg teenoor haarself nie en ook nie teenoor haar ma nie.

Lida weet nie van hierdie vrees vir die donker nie.

Die volgende môre haal sy soos gewoonlik om vyf minute voor agt die bus by halte 7. Hierdie is altyd vir haar 'n oomblik van bevryding. Sy sit, soos al die ander mense wat gereeld saam met haar dié bus haal, naamloos en, vir die oomblik, sonder enige verband. Sy kyk na haar eie weerkaatsing in die ruit en die stad wat daardeur beweeg. Dit laat haar weer aan

die jas dink, maar sy frommel haar buskaartjie stukkend en sê vir haarself: dink aan die donker wat vanaand weer kom.

Skielik kom die bus tot stilstand. Eers dink sy daar is maar net 'n verkeersknoop vorentoe en sit stil met 'n gesig waarna gekyk kan word. Maar toe roep die kondukteur van agter af. Almal moet afstap. Wag vir die volgende bus. Hy self stap ook af. Die drywer hang 'n oomblik soos 'n bergklimmer teen die kant van die bus, spring dan af en praat vinnig met die kondukteur. Die passasiers begin ook afbondel en druk teen mekaar. Van die mans sluit hulle by die twee busbeamptes aan en praat lewendig en kyk na die groot wiele van die bus.

Magdaleen luister nie wat hulle sê nie. Die bus het tot stilstand gekom reg voor die venster waarin die jas hang. Dit hang nog net soos gistermiddag. Sy sien die bus daarin en die mense, veral 'n jong man met vae gelaatstrekke, maar 'n goed gevormde kop. Een oomblik staan sy nog daarna en kyk. Toe word sy by die modesalon ingestamp. Sy sê vir haarself: dit is die herfs wat my hier ingedruk het.

Die herfs skeur die hemel oop bo die stad. Een na die ander verloor die blare hul houvas aan die bome en val grond toe waar hulle soos dooie kakkerlakke onder voete fyn getrap word.

Toe sy oor die grys mat van die vertoonkamer stap, sien sy haarself in baie spieëls stap. Die verkoopsjuffer hou haar met 'n geslote gesig dop.

Magdaleen sê saaklik: „Ek wil na die jas in die venster kyk.”

Daar kom 'n pynlike trek oor die meisie se gesig. Sy kyk vinnig om haar heen, mompel iets wat miskien, „verskoon my” kan wees, en verdwyn agter 'n liggers skerm waarop abstrakte patrone gevef is.

Sy bly lank weg. Dit is baie stil in die vertoonkamer en daar is niks te sien nie. Die klere is alles weggesteek agter die groot spieëls teen die mure. Magdaleen sien net haarself. Die geringste beweging van haar liggaam word oral in die vertrek herhaal. Dit is die enigste lewe sodat sy daarna moet kyk. Eers fassineer dit haar en maak sy met opset allerhande gebare om iets te hê om na te kyk. Maar geleidelik begin dit haar verveel. Dit is eintlik tog verspot. Maar al waarop sy anders kan konsentreer, is die patrone teen die skerm waaragter die verkoopsjuffer verdwyn het. Sy kyk stip daarna. Eers lyk dit vir haar net na 'n verwarring van lyne en sirkels, maar hoe meer sy daarna kyk, hoe meer besef sy dat dié patrone iets beteken. Maar sal sy ooit die betekenis snap?

Toe kom 'n vrou agter die skerm uit. Magdaleen neem aan dat dit die hoof dame moet wees. Sy is baie deftig aangetrek en daar is 'n groot ring aan haar vinger. Orals in die spieëls kom sy vinnig op Magdaleen af. Maar toe sy praat, is haar stem heeltemal vriendelik en so sag dat Magdaleen byna nie kan hoor wat sy sê nie.

„My kind,” sê sy en steek haar hand uit asof sy Magdaleen se wang wil streel. „daardie jas is nie vir jou bedoel nie.”

Sy is 'n groot vrou, goed ses duim langer as Magdaleen sodat sy na haar moet opkyk. Sy het die fyn, geboë neus van die aristokraat en haar kop wat sy soms met 'n besliste beweging draai, groei sierlik uit haar slanke nek.

Magdaleen voel hoe sy klein word in die swart oë. Maar sy moet haarself verweer.

„Hoekom is dit dan in die venster?” sê sy hard. „As 'n winkel iets in die venster uitstal, neem die publiek tog aan dat dit te koop aangebied word?”

Die hoofdame glimlag.

„Jy het tog self gesien daar is geen prys aan nie.”

Magdaleen wil nog verder argumenteer, maar die hoofdame se aandag is blykbaar nie meer by haar nie. Sy kyk by haar verby na die ingang en dit dwing Magdaleen om ook om te kyk. Die verkoopsjuffer kom saam met twee middeljarige vrouens van die straat af in. Magdaleen wêet dat sy hulle van iewers vandaan gaan roep het net om haar aandag van die jas af te trek. Sy staar hulle vyandig aan. Maar blykbaar maak haar haat geen indruk op hulle nie. Die twee vroue kom dadelik na haar toe en groet haar asof sy 'n goeie vriendin is — of selfs familie. Die een druk haar arm en kyk innig in haar oë. „Hoe gaan dit tog met tante Ria?” Die ander vra: „Jy het 'n bietjie maer geword, het jy nie?”

Magdaleen dink verskrik: is ek 'n vreemde waar ek eintlik 'n bekende moet wees? Dit is 'n ongemaklike situasie. Sy kan nog loskom deur te sê dit gaan goed met tante Ria en, ja, sy het wel 'n paar pond afgeval. Maar wat as daar van haar verwag word om op haar beurt weer iets te vra? Die hoofdame en haar assistente kyk haar afwagtend aan. Sy kyk op haar horlosie. Kwart voor nege. „Ek moet gaan,” sê sy sonder om in iemand se oë te kyk. Gelukkig staan die ander vroue ook so om haar dat haar beeld byna glad nie in die spieëls sigbaar is nie. „Ek is al baie laat vir die skool.” Toe hardloop sy byna deur toe. Eers dink sy die vroue gaan haar dalk voorkeer, maar hulle waai net met die hande en roep hartlik: „Tot siens! Tot siens!”

Op die sypaadjie is sy 'n oomblik verblind deur die verskriklike lig van die herfs. Toe sien sy die horlosie van die stadsaal net skuins oor die modesalon. Dit gee die tyd groot aan. Tien voor nege. Sy is byna 'n halfuur laat vir skool. En dit is hierom dat ek nou so skuldig voel, sê sy vir haarself en begin vinnig die pad loop wat sy moet loop om by die skool te kom. Sy sal dadelik na Lida se kantoor gaan en om verskoning vra. Sy sal bly wees as daar die een of ander straf op haar wag. Enigiets om haar te bevry van hierdie gevoel van skuld.

Maar by die skool groet Lida haar hartlik. „Hoekom ontstel jy jou so? Jy weet tog jy is vry om te kom en te gaan soos jy

wil. Dit was nog altyd my standpunt: ek behandel my personeel soos volwasse, verantwoordelike mense. Só kry ons die beste diens."

Al staan die vensters wawyd oop — die sonlig hang blink teen die vensterbank, maar het nog nie die krag om binne te kom nie — is daar tog 'n effens bedompige reuk in die kantoor, iets wat haar bewus maak van dooie lug wat nie uitgelaat kan word nie. Sy weet sy sal nie van haar skuld bevry word voordat sy nie die storie van die jas vertel het nie. Net van haar ma en van die twee ander klante vertel sy nie.

Lida is dadelik verontwaardig. Nie bitsig nie. Lida is nooit bitsig nie. Daarvoor is sy te volwasse en het sy te veel self-beheer. Sy is net gesteld daarop dat reg moet geskied.

„Dit is onsin,” sê sy beslis. „Kyk, dit is ons groot stryd in die lewe: om vry te word van alle frustrasies en beperkinge wat ons mag verhinder om tot volle ontplooiing te kom.” Sy leun oor die lessenaar en haar mooi hande druk prakties op die dowwe blink hout. „Ek sal jou sê: êk sal vir jou die jas gaan koop. Sommer vanoggend nog.”

Magdaleen sê vir haarself: ek kan my aan haar oorgee. Sy is my hoof.

En tog voel sy onbevredig.

„Hoekom sal hulle die jas aan jou verkoop as hulle my dit geweier het?” sê sy stomp. „Die hoofdame het my baie duidelik laat verstaan die jas is nie te koop nie.”

Lida dink 'n oomblik ernstig na en asem die dooie lug rustig in.

„Miskien,” sê sy versigtig om Magdaleen nie te krenk nie. „miskien het jy die hoofdame verkeerd verstaan. Kyk, ek wil jou net help. Het sy nie dalk bedoel die jas is net in jou geval nie te koop nie? Dink goed na. Wat was haar presiese woorde?”

Magdaleen moet dink. Noudat sy weer die episode in die modesalon duidelik probeer oproep, is dit die twee ander klante wat haar bybly. Hulle was so vriendelik asof sy werklik iets vir hulle beteken . . . maar het sy ooit op hierdie vriendelikheid geantwoord? Sy wens sy kan die prentjie duideliker kry.

Lida sê: „Laat ons die situasie probeer reconstrueer. Jy stap by die modesalon in . . .”

„Toe vra ek die verkoopsjuffer om na die jas te kyk. Sy gaan roep die hoofdame . . .” Magdaleen se oë begin flikker. „Ja,” sê sy gretig. „ja, nou onthou ek! Sy het iets gesê soos: hierdie jas is nie *vir jou* bedoel nie.”

Lida knik tevrede. „Presies. Mag ek jou dan help? Ek doen dit nie net as jou vriendin nie, maar ook as jou hoof. Ons moet onthou dat die meisies wat aan ons sorg toevertrou is, nou op 'n baie ontvanklike stadium van hul lewe is. Ook deur ons voorkoms kan ons 'n groot invloed op hulle hê.”

Lida is prakties en weet hoe om vinnig op te tree in enige

situasie. Miskien is dit daarom ook dat sy reeds hoof van 'n skool is, al is sy maar pas dertig. 'n Driekwartier na Magdaleen met haar gepraat het, met eerste pouse, word sy weer na die kantoor ontbied. Op die lessenaar lê 'n groot goue doos met die naam van die modesalon in sierletters daarop. Lida sê hartlik: „Maak oop dat ons sien!” Maar Magdaleen se vingers is lomp en sy moet haar help. Sy is vaardiger met haar hande en kan die tou so maklik loskry. „Ek het dit aangepas,” vertel sy, „dit sit pragtig.”

En dit sit pragtig. Dit vou gemaklik om Magdaleen se skouers en bedek die grys rok wat die skoolkinders al so goed ken. Nou is daar 'n nuwe beeld van haar. Maar daar is geen spieël in die kantoor nie; trouens, in die hele skool is daar nie 'n spieël groot genoeg om die nuwe beeld te bevat nie. Sy het net Lida se oë. Sy draai voor die oë rond. „Hoe lyk dit?”

„Dit lyk lieflik!” sê Lida met oortuiging. „Dit sit asof dit vir jou gemaak is.”

Magdaleen streel wellustig oor die growwe, sterk materiaal.

„Is dit duur?”

„Dit hang af,” sê Lida. „Na my mening is dit glad nie te duur vir die diens wat jy daaruit gaan kry nie. Dit is waaraan jy moet dink.”

„Ek sal jou terug betaal,” sê Magdaleen ernstig en streel nog altyd oor die jas. „Al moet ek dit ook in paaiemente doen, ek sal betaal.”

Die klok lui deur die gange. Die meisies hardloop onder die plataanbome wat met 'n giftige groen na hulle toe afbuig, deur na die ingang. Sy moet weer die jas uittrek. Lida help haar vinnig om weer die jas netjies op te vou en in die doos terug te sit. Maar toe die meisies in haar klas inkom, sien hulle dadelik die goue doos agter die deur en roep: „Juffrou, wat het Juffrou gekoop? Wys vir ons, toe, Juffrou!”

Dit word 'n feestelike oomblik in die klaskamer met die groen van die bome voor die venster en die reuk van kryt. Die doos word weer oopgemaak. Daar is baie hande wat wil help. Magdaleen trek weer die jas aan en die kinders sê: „O, Juffrou, dis pragtig! Is dit baie duur, Juffrou?”

Magdaleen sê: „Dit hang af. Na my mening is dit glad nie te duur vir die diens wat ek daaruit gaan kry nie. Dit is waaraan 'n mens moet dink.”

Toe sy met tweede pouse in die personeelkamer kom, weet sy dadelik dat al die onderwyseresse reeds van die nuwe jas weet. Die juffroues van die kindertuinafdeling sit soos gewoonlik weer in 'n groepie bymekaar in die een hoek van die groot vertrek. Hulle kyk met venynige oë na haar, maar sy sê vir haarself: dit is bloot jaloesie. Ek moet my nie daardeur laat beïnvloed nie. Ek het my eie lewe om te leef. En verder is dit in die eerste plek aan die kinders dat ek moet dink.

Die koop van die jas het hulle baie nader aan haar bring.

Dit merk sy in elke klas waarvoor sy dié dag staan.

Maar dit is 'n lastige pak om by die huis te kry. In die bus stamp dit teen die ander passasiers se knieë sodat hulle vererg mompel. Kort-kort moet sy sê: „Verskoon my. Verskoon my . . .” En toe sy aanstap na hulle woonstel toe, glip dit kort-kort onder haar arm uit sodat mense na haar kyk en lag al wys hulle dit nie openlik nie. As sy haar vingers deur die tou steek om dit so te probeer dra, sny dit haar vleis sodat dit brand. Die herfsson steek venynig.

Sy is seker dat haar ma haar deur die venster kan sien aankom. Dit maak haar bewegings nog lomper.

As sy in die kamer kom, sit haar ma voor die raam. Die middagson lê soos 'n hond opgekrul voor haar voete. Sy kyk sonder enige verbasing na die goue doos. „Is dit die jas?” sê sy dadelik. „Maak oop dat ek sien.”

Eers wil Magdaleen weier, maar die sonlig kom flikker op die goue doos en haar ma hou haar dop. Dit maak haar hande dood en sy moet sukkel om die toue los te kry. Lida se vaardige vingers is nie hier om te help nie.

Toe sy uiteindelik die doos oop het en die dun sneespapier afhaal, sê haar ma: „Gee dit hier,” en hou haar maer hande met die dik blou are daarop uit na haar toe. Sy voel aan die materiaal. Sy bekyk die snit krities en Magdaleen weet nou nie deur watter oë sy na die jas kan kyk nie. Lida was nog nooit in hierdie vertrek nie en kan geen werklikheid word nie. Magdaleen het haar net een maal huis toe genooi, maar toe het hulle baie formeel in die sitkamer gesit. En Lida en haar ma kon mekaar glad nie vind nie. Sy het lomp probeer om hulle aan mekaar te openbaar, maar daar was soveel ongemaklike stiltes.

„Het jy jouself al hierin gesien?” vra haar ma, die jas in 'n bondel op haar skoot.

„Nee,” sê Magdaleen met neergeslane oë. „Daar is nie 'n spieël by die skool nie.”

As die sonlig tog net nie so op die goue doos wou blink nie. Vir die eerste keer verlang sy werklik na die donker.

„Maar jy het dit tog seker in die winkel aangepas? Daar is tog immers spieëls?”

Die hele storie moet maar uitkom. Sy het nie self die jas gekoop nie. Lida het dit aangepas en gekoop.

„Dan,” sê haar ma met skielike bitsigheid, „kan jy seker wees dat jy jou 'n kat in die sak gekoop het.”

Die hele dag word belaglik. Magdaleen se maag begin bewe, maar sy weet nie of dit van ingehoue lag of trane is nie.

„Help my dat ek die jas aantrek,” sê haar ma.

„Maar dit sal tog nie vir Ma pas nie.” Maar sy weet dat sy tog op die ou end moet kopgee. 'n Gesonde mens is nie teen 'n sieke bestand nie.

Sy help haar ma om vorentoe te sit in die rystoel sodat sy die jas om haar skouers kan kry. Toe haar arms in die moue

is, moet Magdaleen haar ophelp uit die stoel uit. Sy is 'n swaar gewig teen haar en 'n oomblik wankel sy. Maar dan staan sy op haar voete. Sy is goed 'n ses duim langer as Magdaleen sodat sy na haar toe moet opkyk.

„Kyk,” sê sy, „kyk, lyk dit nou vir jou of dit pas?”

Haar arms steek lank en beenderig by die moue uit en laat die jas ontoereikend en hulpeloos lyk. Goedkoop eintlik. Haar rok steek goed 'n ses duim onder die jas uit, en wat dit nog erger maak, is dat die kleur van die rok skreeu teen die kleur van die jas.

Magdaleen word rooi van vernedering. „Maar Ma is tog groter as ek,” sê sy smekend. „Natuurlik sal dit nie pas nie.”

„Jy kan net so groot wees soos ek. As jy net wil.”

Haar ma kyk reg in haar oë. Haar oë is swart en kyk geen oomblik weg nie. Noudat die lig begin wegtrek uit die kamer uit, is daar geen weerkaatsing van haarself nie. Daar is net die swart oë wat na haar kyk.

„Nee,” sê sy, „natuurlik pas dit nie.”

Sy kyk weer na haar ma en die jas met sy ontoereikende kort moue en die kleur wat skreeu teen die kleur van die rok. Toe begin sy lag. Die lag swel in haar sodat sy voel haar liggaam is heeltemal te klein daarvoor.

„Nee,” sê sy glad magteloos van die lag en vee haar oë uit. „Natuurlik pas dit nie.”

* * *

*ek kan nie meer sê
wat my ou vriend dink nie
maar pruimbloeisels hier
het nog dieselfde geur*

PHIL DU PLESSIS

— na *Tsurayuki*.

HART

Toe kom my perde uit die stal.
Met koppe hoog drink hul die lug.
Hulle oë vonk 'n nuwe blink
en aan die wye neusrande bewe dit:

Hulle hardoop
 blind van vaart en gevarelus.

In watter dongas gaan julle tuimel?
in watter staalbedradinge julle verminkinge uitskreeu?
 O perde van my stal!

LIGDANS

My vingertippe — liggies
 het gesprong en gesprong
en waar dit teen getint het
 — elke ding, elke ding
het in transfigurasië
op die toontjies van sensasië
in 'n sondans
 om elke flonkerstip
 gekring en gekring.

My oë se pupille
 was in bloei was in bloei,
hul tintels het die altes
 vol gesproei en gesproei.
Toe soem die sterrebye
en in die etervleie
het die ranke
 van verwagtinge
 gegroeï en gegroeï.

ONTDEKKING

Om suiwering en rus het ek my huis geslot.
Hoe veilig brand my kers nou agter die gordyn.
Maar watter kraan is dit wat aanhou tap
. . . . en tap?
Deur watter sleutelgat het my tuiste uit my huis ontsnap?

DIE STERWE VAN 'N SWAEL

Daar sit sy in haarself gekoes,
koud op die sterfsteen waarna sy opgefladder het.
Om haar wag die bome.
Die somer in ontbinding.
Môre val die konfetti van die dood.

O daardie laaste dolle duik in duiseling van goue son,
die fluitende skering oor die gras!

Die staaldraad tref:
sy val uit haar drie-eenheid
van swael son en sang.

Nou tuur sy deur gebroke lig,
skemer haar verlaas weer in die swerm weg,
kringend in verkleind geluid teen ver deursoonde bloutes.

Om singende stippels blink in die klein oë
sluit die donker toe.

DIALOOG

Jy maal met jou dreun my jare as,
jy brand my oë blind met vaal.

Ek glim deur jou vensters se gordyne,
ek speel die lig uit jou donker los,
ek klink jou skorte tot refreine,
ek fluit jou paadjie deur die wilde bos.

Jy's my tong se vuil en vloeke,
in my oë die wit gryns.

Ek blou jou oë met viooltjies,
ek sing uit jou die voorjaarreën,
ek fluister deur jou verstilde lippe
oor alle brood die nagmaalseën.

In donker onderwater
sel jy my in skulpsel toe.

Ek lui jou skulp tot 'n heelal
van beierende vertelyne,
uit jou klein stasie van kristal
straal ek jou ligklank — ruimtetreine.

PHIL DU PLESSIS

siklus

die mot
wat in my skoot geval het
jaag ek haar
die kamer uit
was die reën
die poeier
van haar vlerke af
val sy nat
op die skerp gras

my gestalte
gevorm
 uit marmer
is minder ek
as die holte
van jou hand

fondament

jou beeld
wat ek probeer
vorm uit nat
sand die wind
skiet die korrels
pynloos deur
die palm
van my hand en sny
die lyne van jou gesig
skerper
tot niks

medikament

kom
laat ek jou
liggaam speel
'n instrument
of reukbal
tot gebroke seëls
ryk geur
soos naeltjies
goud
lemoene
my mond
deurdring

die koperrooi muur

(vir T.)

jou koperbruin vel
lê onaangeraak
onder my hande
my vingers vleg leeg
deur jou hare
die muur roer
met elke beweging
van my asem
maar bly tog
en skei
met druipe behangsels
jou rug en my bors

faun

jou lotusmond gevries
in 'n maan
dryf
 onder 'n swart
 spinnerak wind
lank deur my wellus
 'n onvrugbare
jaggod verlaat

*Die ek die dink:
ek word tog
eendag omgeklink.*

SAREL SMIT

VINCENT VAN DER WESTHUIZEN

ABSENTIA

Ek hou 'n skedel in my hand,
klinies middeldeur gesaag,
en sien die nate van die wand,
die skoonheid van 'n sarkofaag.

Die sinus, soos geryste brood,
is leë kamers, sel op sel,
elkeen gereinig deur die dood,
te menigvuldig om te tel.

In elk, die een of ander tyd,
was daar heelalle — wie sal weet
die hemelballetal, hoe wyd —
want opties is dit ongemeet.

(Wat jaag ons altyd na die dood
om in sy sale rond te soek
na hierdie lewe se begrip?
Is juis onsterflikheid ons vloek?)

Ek steek my naald in elke sel —
mens kan nie tel nie; dis te veel.
Is dit die kamers, dan, waar God
wegkruipertjie met elkeen speel?

* * *

*Van jou ysige woorde
waai 'n skraal windjie
onrus van die see in my.*

SAREL SMIT

PAARDEBLOEM

„Vergeet haar toch de paardebloem
in het lange het harde gras,
en denk niet meer aan de zachte knop
maar aan de harde blaren —”
maar een paardebloem moet hard zijn
in het harde o zo dichte harde gras —
„vergeef het haar. En vergeet haar toch.”

maar ik zag haar staan in het gras
en plukte haar die zachte knop
en blies, en zij: drijvend, drijvend!
verspreide ik haar ik
dreef haar over de heide!

* * *

FLITSE

*êrens
op 'n stoep in Wes-Transvaal
suig 'n boer aan 'n
bitter pyp
peins oor
droogtes
en die
Republiekfees.*

JEANNE GOOSEN

*my volk
'n woekerplant
soos voëlent
dra 'n bitter,
bitter bessie.*

JEANNE GOOSEN

DIE SLIM KLIPPE

Die ligging van die slim klippe is geen geheim nie. Enige redelike volledige kaart sal hulle aantoon. Kyk maar net langs die pad na die weste. Dan sal u daar gemerk sien — op sommige kaarte is dit in rooi: Die Slim Klippe.

Baie mense het al hulle vernuf teen die klippe gaan toets. Maar die klippe wen altyd. Jy kan met die klippe redeneer, jy kan met hulle raas, jy kan selfs vloek. Die klippe sê niks nie. As jy baie kwaad is, kan jy maar teen hulle skop ook. Die klippe roer nie. En so wen die swygende roerlose klippe altyd. Een of twee mense het al in rasende woede van hulle kop afgeraak by die klippe. Die slim klippe het nie beweeg of 'n geluid van medelye gemaak nie.

„U APPÈL HET GESLAAG, MENEER”

'n Man het appèl aangeteken teen sy geboorte. Die beamptes by die hof was baie simpatiek: „Maar moet net nie te haastig wees nie,” het hulle gesê: „Ons het baie werk, die regters is ook so besig, dit kan dalk 'n rukkie duur.

Van tyd tot tyd het hy navraag gedoen oor hoe die saak vorder: „Moet net nie moed verloor nie, ons is besig met die saak maar dit sal nog 'n tydjie duur.”

Later is die saak toe afgehandel. En 'n brief is aan die man gestuur: „U appèl het geslaag.”

Maar dit het lank geduur om die man op te spoor. Dikwels het die briewe teruggekom „ONBEKEND” gemerk. Of met 'n kort nota by: „Het vroeër hier gewoon maar reeds lank gelede na So-en-So vertrek.” Die appèlhof is egter 'n deeglike organisasie en uiteindelik het hulle die man se laaste verblyfplek opgespoor want die brief het teruggekom met die opmerking: „Vyftig jaar gelede hier oorlede.”

VERBY

Sterwend lig die ou man hom op. Die laaste krag. Bomenslik? „Ek onthou 'n tyd.” sê hy, „toe ons gesigte na die son gekeer was.” Hy draai sy gesig na die venster maar sy oë is al glansloos. Dan beweeg sy dun deurskynende hand oor die deken totdat die vingerpunte die strepie son raak.

„Die son is nog daar.” Hy lig weer sy kop. „En ons het nog gesigte.” Moeisaam draai sy kop verby die paar mense rondom sy bed. Op die deken trek sy vingers stadig terug van die son.

„Ek onthou 'n tyd toe ons gesigte na die son gekeer was. Die son is nog daar en ons het nog gesigte. Maar waar is die tyd?”

GROOT TOWENAAR

Hy slinger woorde om en om sy vinger
voorlit uitgerek op uitgestrekte hand;
trek Stoffel uit die stof en sy verwant,
versier die sirkustent met elke klinker.

Die Springer vlieg op aandrif van die Singer,
basuingeroep flits deur die donker hok:
Yorick ontwaak en dansend swel kapok
die nuwe wyn verhit die hansworsdrinker.

DIE DONDERBUI

Die kriekies vry buite my kamer
snags as die sterredier skyn —
plotseling bo slaan 'n hamer
die vonkelende Leeu verkwyn.

Bedompig lê paddas en luister:

die dreun van die drukpers wat sak
die gespanne papier vasgeplak
die kant van die letterbeeld byt in
die vormlose bleekte gryp sin.

Grootogig tuur paddas in die duister:

wit sole laat spartel en stuiwe
stamp dansend die krimpene driuwe
die persbalie sidder en skryn
die aarde sluk strome rooi wyn.

Die uitasem veld gaan aan fluister:

tril met bevrugting die sade
die brulpaddas juig in die slyk
die kriekie vry weer na sy gade
en die Leeu herrys uit sy lyk.

HERFSBLARE

Die blare van . . .

goud	rooi
hang nog lank	hang nie lank
aan die bruin tak	nie aan die swart tak
goud bly	rooi val
belangrik	verwaarloos
bly	val
hang op die wit bors	bloed uit die wit bors
lê in die leerbeurs	wyn uit leersakke bars
bly	val
al ruil hulle dokumente	al huil die aborteuse
by die beurs	by die deurbars
op ou perkamente	op vuil plavleisel
bly	val
in miniature met blou, rooi.	umKhulu-sade half swart.

ASEMTOG

Kon ek die warmte van jou liggaam soos 'n donscombers oor my ledemate gooi: kon ek slegs my gees met joune paar. My bolip bloei verlanqe. Jy is die kalm vloed van my gedagtes.

Nou lê ek in my kussing en soek jou in elke lakenvou en op die bleek plafon teken ek jou jong gestalte.

Elke skaduwee ets jou profiel met neus en mond en oë.

Maar die melodie van jou stem het my ontgaan. Asof ek dit nooit nog gehoor het nie.

Nogtans is die dink-aan-jou vir my mooi; skielik weet ek wat mooi is. Iemand het my dit geleer.

EVA

Die blink krane giet my waternat.

Ek gly soos 'n vis deur die deursigtige druppels.

Kyk iemand vir my? Wie gooi 'n broodkorsie?

Iemand loop om en om my, maar die stoom wasem te veel.

Met my vinhand draai ek die krane ferm toe.

Nou sien ek hom. Ons is twee in die paradys. Die wit teëls word heuningblomme.

Hier kan seker nie slange inkom nie.

Ons groei en bot vrugte vir die somer.

DROOM

My vingers is sku en grof in haar koel nek. Die ver koeltes van haar oë is klam soos dou.

Alles geur om haar.

My arms word vlerke. Ek hou haar vas in my mond en vlieg met haar die hoogtes in.

Tot in die sewende hemel.

Ons lê in wit wasems, ene-oë. Vier holtes pupille.

Die wind reën ons neer op die groen aarde. Ons val saam op 'n dakgleuf in 'n goeie voorstad van Johannesburg en drup langs 'n groen geut af. 'n Yl stroompie plas ons in 'n visdam.

Nou is ons één.

Klein eiertjies broei in ons.

Snags kwaak die paddas kore. Die krieke speel operettes.

Die familie groei aan.

„Vader Jakob, vader Jakob, slaap jy nog?”

Vandag is my troudag!

AGTERBLYWENDE

Jou vier kamerhoeke het my geroep.
Soos 'n hond het ek ál met die lysplankie langs gesnuffel. Kon
jy dalk 'n stofgedeeltejie wees?
Of in die lekkergoedpapiertjie? Die melkkardoesie?
Die piesangskilgleuf was leeg . . .
In jou bed het net die koeltes van jou laaste liggaamlê nog
loom gekreukel.
Een vir een pak ek jou boeke uit; kyk of jy nie platlê op 'n
blad sy nie.
Toe ek loop, klap ek jou kamerdeur hard toe: jy is tog nie
daar nie.
Vermink, met die groot pyn van jou nêrensheid binne in my,
gaap almal my aan en vra en vra. Maar ek praat nie oor
jou nie.
Langs die strate sien ek jou-klip, jou-blom, en die jy-prentjie
is in elke dag se vier-en-twintig uur.
Met die andersheid van jou wegwees vol in my liggaam, hond
ek agter jou aan en saans as die maan voluit swel, tjank
ek my dag se traagheid uit.

* * *

*Dáár iê die dag wat
ek jou ontmoet het
perdeskoen in die straat!*

*Ek was die lig
in jou kamer,
die portret aan jou muur;
jy het my gekruisig.*

SAREL SMIT

G. S. PRELLER SE DAGBOEK VAN 1891

PAS ONTDEK*

Die daelikse aantekeninge in hierdie dagboek begin op Donderdag 1 Januarie 1891, en loop deur tot Donderdag 31 Desember van dieselfde jaar. Die skrywer was toe 15 jaar oud.

Die dagboek hoewel volledig, is skynbaar later of wel periodiek, uit ander aantekeninge oorgeskrywe en is deurgaans in Engels.

Na die aantekeninge vir Desember 1891 — die laastes van die dagboek — is daar 'n beskouing oor Kersaand (blykbaar later ingevoeg) asook notas uit die vorige jaar en wel vanaf 26 Desember 1890 tot en met 30 Desember 1890. Dit is skynbaar ook later ingeskryf. Dan volg 'n paar los aantekeninge wat in verband staan met sy „Skoollewe” asook die aankondiging dat hy op 3 November 1890 in diens getree het by P & B — vermoedelik winkeliers te Standerton — teen 'n besoldiging van £7 per maand. Hy konstateer: „Dit was 'n noemenswaardige dag toe ek my hand gestrek het om vir vreemdes te werk vir geld, geld, ja! £7 per maand.”

Soos blyk uit die dagboek was hierdie 15-jarige idealis nooit gelukkig as winkelklerk nie, nie te Standerton en ook nie later in Pretoria nie.

Vóór in die dagboek, eer die daelikse aantekeninge begin, is daar 'n lys van 40 boeke wat hy in die loop van 1891 en 'n veertiental wat hy aan die begin van 1892 gelees het. Die titels is almal Engels en is hoofsaaklik reisbeskrywings, avontuurverhale en biografieë soos o.a. een oor Livingstone.

Daar is aantekeninge in verband met astronomiese berekeninge, notas oor barometers en oor die ontwikkeling van elektrisiteit.

Volgens ander bronne, is G. S. Preller op 4 Oktober 1875 te Klipdrif naby Pretoria gebore. Sy moeder was 'n dogter van genl. H. Schoeman wat in die jare 1860 'n prominente rol in die Transvaal gespeel het.

* Die ontdekking van 'n stukkie onbekende skryfwerk deur 'n belangrike literêre figuur, soos Gustav Preller, vul altyd die belangstellende met 'n mate van opgewondenheid. Daarom is ons dankbaar dat mnr. Bob Preller, seun van Gustav, die dagboek tot ons beskikking gestel het. — Redakteur.

Today 7/12/91

Books to Read:-

Books hereinafter mentioned were read since I read my first story book when Mr. Goldsey gave me, and which was *The Wanderers* by W.H.G. I have not given first - as I read them in succession

W. H. G. KINGSTONE.

- "The Wanderers."
- "Twice Lost"
- "Captain Mufford"
- "Peter the Whaler"
- "Afar in the Forest"
- "In the Rocky Mountains."
- "Hendricks the Hunter"
- "With Axe & Rifle."
- "In the Wilds of Florida"
- "In the Wilds of Africa"
- "On the Banks of the Amazon"
- "The Mushing Ship"
- With Leatherhelm

The mentioned are only cloth leather card book bound books no paper bound ones are noted and they are only three I am remembering I accept that many are not men. used. use. as they numerous books at various kinds I used in school. The books I read have to be traveled here year by year. This no more will follow

The book of Roaches not of Kingstone but first mentioned "The Wanderers" -

Rural Waverley.

Biography.

- The Story of John Howard
- The Story of Audubon
- The Story of Livingstone
- 2 vols. Heroes of Britain in Peace & War.

* This book ought to follow Capt. Mufford; it was the first book I ordered.

Audubon & Livingstone
 7/12/91

In 1891 toe die dagboek begin is, het die gesin op Standerton gewoon en het sy vader skynbaar transport gery, sodat hy dikwels vir weke uithuisig was. Nog in dieselfde jaar, in Mei 1891, het hulle na Pretoria getrek. Sy moeder en susters het eers later gekom.

In Pretoria het sy vader 'n melkery begin, skynbaar met beeste gespekuleer, nog karweiwerk gedoen en is ook as skutmeester van Pretoria aangestel.

Gustav het aanvanklik in Pretoria weer in 'n winkel gewerk maar het dié werk na 'n paar maande weer eens laat vaar en was vir die res van die jaar 1891 sy vader behulpsaam met die melkery en sy ander sake-ondernemings.

Elders in sy dagboek teken Gustav ook aan dat hy op 5 Augustus 1887 „die eerste keer sy voet oor die drempel van 'n skool,” naamlik dié van H. Gostling gesit het. (In 1891 was Gostling onderwyser in die Loretta-klooster te Pretoria.) In 1887 het hy Gostling se skool verlaat, en in April 1888 is hy na die skool van Coldrey, waar John Bellingham sy onderwyser was.

Die uitbreek van masels het sy skoolloopbaan onderbreek maar van Augustus 1889 tot September 1889 was hy weer terug op die skoolbanke. Vanaf November 1889 tot Oktober 1890 was James Campbell sy onderwyser en dit was dan ook die einde van sy skoolloopbaan. Hy sluit hierdie aantekeninge af met: „happy G.P.” Die volgende maand het hy by die reeds genoemde handelaars vir £7 per maand begin werk.

Uit die name van die skoolmeesters kan aanvaar word dat sy onderrig deur medium van Engels geskied het en waar sy dagboek ook uitsluitlik in Engels geskryf is, moet aangeneem word dat hy in die jare '90 altans kultureel Engels was. Die Prellers se huisvriende was ook hoofsaaklik mense met Engelse vanne en uit 'n aantekening oor 'n Kersfeeseetmaal blyk dit dat die geselskap in Engels gevoer is en dat sy vader geneë was om na Mashonaland te emigreer.

Uit verdere bronne weet ons dat Gustav Preller later by 'n prokureursfirma gaan werk het en daarna as staatsamptenaar in die Departement Mynwese, van die Zuid-Afrikaanse Republiek werksaam wes.

Tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, was Gustav in die Staatsartillerie. Hy is teen einde van die oorlog gevange geneem en na Indië verban.

Na die oorlog het hy redakteur geword van Eugène Marais se koerant „Land en Volk,” en daarna word hy onderredakteur van „De Volkstem”.

Dat 'n groot aantal „gekultiveerde” Afrikaners vóór en ook ná die Anglo-Boereoorlog graag Engels gepraat en geskryf het, is feit. Die oorlog het egter by baie 'n sterk pro-Boerse houding veroorsaak en ons kan aanneem dat ook by Preller die Engelse milieu vervang is deur die sterk pro-Afrikaanse voeling soos uiteindelik geopenbaar in die leiding wat hy met

die Tweede Afrikaanse Beweging geneem het. Die feit ook dat hy as redakteur sterk gehinder is deur die „treurige gebrou” van sy korrespondente „wat nóg Afrikaans nóg Nederlands en hoofsaaklik Engels geskryf het,” (Dekker) het hom genoop om al was dit dan net op taalkundige gebied die moedertaal uit te bou ten einde die oordra van gedagtes helderder te maak.

In die dagboek onder bespreking vind ons ongelukkig geen enkele aanduiding van die dryfvere vir die latere optrede van die kampvegter vir Afrikaans nie. Die notas is slegs die aantekeninge van ’n leergierige jongeling van 15 jaar, wat besonder baie Engelse boeke gelees het (omdat anderstaliges waarskynlik nie beskikbaar was nie), lief was vir teken, graag gejag het, voëlsoorte versamel het, ’n wye belangstelling gehad het vir wetenskaplike sake en glad nie lief was vir die skool of vir sy werk as winkelklerk nie.

Vir ons is die dagboek ’n interessante aanduiding van hoe ver die latere volwassene kan verskil van die kind. Interessant is dit ook hoe Preller se Engels verbeter het in die jaar wat hy die genoemde dagboek bygehou het. Sy spelling, die willekeurige opbreek en bymekaarvoeg van woorde en woorddele, sy onverstaanbare afkortings, is ook kenmerkend van sy latere non-konformistiese Afrikaanse skryfwyse.

Die eerste aantekeninge, aangebring op Nuwejaar 1891, dui aan dat die handelaars van Standerton besluit het om vir ’n paar dae vakansie te hou, en dat Gustav sy „studio” waar hy skynbaar geskilder het, opgeruim het en dat die „kinders” gaan eet het by „Mrs. v. H.”

Hierdie vrye dae bring hy hoofsaaklik deur met lees. Op sulke dae en ook later peins hy graag oor hoe dit met hom oor ’n jaar sou staan en bespiegel hy oor die weg wat hy in die jaar afgelê het. Hierdie vooruitdink is al bespiegeling wat ons van die jeugdige Preller kry. Wat sy winkelwerk betref, noteer hy enkele buitengewone bedrywighede en boodskappe wat hy moes aflewer, en noem dikwels die vir hom vervelige op- en afpak van winkelgoedere.

Sondae as hy nie lees nie gaan jag hy graag langs die rivier of op die plase van naburige boere. Hy het skynbaar baie van die voëls afgeslag en gemonteer.

Op Maandag 2 Maart 1891 skryf hy dat Signor Paddon hom ontslaan het. (Moontlik was dit ’n musikmeester.)

Gedurende hierdie maand werk hy baie hard in die winkel en noteer op 17 Maart dat die werk hom baie droefgeestig maak. Met Nagmaal is daar egter ’n oplewing en „slenter” hy met maats in die dorp rond. Ook help hy sy vader met „De Groote Vendutie,” wat egter op ’n mislukking uitloop.

Op 6 April is hy baie terneergedruk omdat hy waarskynlik vir laas afskeid moes neem van ’n meisie, L.M., en op die 7de maak hy sketse van enkele grafte in die kerkhof.

Op hierdie tydstip skyn hy baie geïnteresseerd te wees in die Natuurwetenskap en hy bestudeer ’n aantal boeke daaroor.

Op 14 April kom die President na die dorp en behalwe dat hy na die ere-boog gaan kyk het, maak hy geen verdere kommentaar daaromtrent nie. Vervolgens is daar 'n aanduiding dat hy hom toelê op die bestudering van Rekenkunde en Boekhou. Blykbaar het hy daarmee goed volgehou en teen die jaareinde is hy heeltemal tevrede met sy vordering.

Skygbaar gee hy af en toe ook onderrig aan sy susters, maar onderwyl word daar gewag op 'n skoolmeester, ene Price, wat in een van die vertrekke van die huis onderrig sou gee.

In Meimaand trek daar 'n swerm sprinkane oor die dorp en word daar voorbereidings getref vir 'n reis na Waterberg, oor Pretoria. Aangesien Gustav sou saamgaan, moet aangeneem word dat hy sy werk in die winkel opgesê het.

Per slot van sake blyk dit, dat daar besluit is om na Pretoria te verhuis en op 11 Mei word daar 'n afskeidsparty gereël. By dié geleentheid speel hulle kaart, maak musiek, dans en speel ook soenspeletjies. Na afloop neem hy vir E.B. huis toe en skryf hy dat hy na 'n baie aangename gesprek met haar al te gou weer tuis gekom het.

Op 15 Mei word daar dan finaal besluit om Standerton te verlaat en hy noteer: hy het baie droewig gevoel om „die plek te verlaat waar my gelukkigste dae deurgebring is.”

Na verskillende draaie is hulle eindelik op pad na die Noorde en bereik op 1 Junie die Jukskeirivier naby Pretoria. Die dag daarop span hulle by die steenfabriek (Kirkness?) uit.

'n Rukkie later is daar 'n telegram van sy moeder waarin sy vra om na Pretoria te kom. (Uiteindelik is die gesin tog wel in Pretoria verenig.)

Al heel gou het sy vader weer vir Gustav 'n betrekking in 'n winkel by J.D.B. gekry, maar, skryf hy: „ek was glad nie danig bly oor die vooruitsigte nie.” Hy het egter slegs drie maande in die winkel gewerk en volgens hom het die winkelwerk by hom 'n sterk „verlange en drang opgewek om daarvan vry te word.” In dié tydperk oorval die droefgeestigheid hom, hoewel hy „hard probeer om die bedrukte gemoed op te hef,” en op 25 Junie noteer hy dat hy „byna moeg vir die lewe is”.

Sy mislukte poging om die fiets te ry wat hy vir £5 gekoop het, help nie juis om sy beswaarde gemoed te verlig nie. Die lees van baie boeke help hom egter om mettertyd die droefgeestigheid te oorkom. Hy begin ook studeer en werk aan sy „Y.A.A. Joernaal”. (Skygbaar Boekhou en Rekene.)

Op 7 Julie het sy moeder per ossewa ook op Pretoria gearriveer en skryf hy dat hy „nou meer vryelik asemhaal.” Skygbaar het die jeugdige Preller dus aan 'n goeie bui heimwee gely.

Vir enkele dae bly hy nou by sy ouers in die wa, jag hy en is hy tevrede met die lewe, hoewel hy daarvan bewus is „dat die dae van gebondenheid” weer aankom.

Terug in sy winkelwerk, lees hy maar weer so veel moontlik

en op 23 Julie woon hy 'n opvoering van „Faust” in die „Teater” by. 'n Paar dae later sien hy ook „The Silver King”. Nogtans vind hy die vakansiedae vervelig „as hy slegs met (sy) harsings besig is.” Op Sondag, 2 Augustus, kan hy egter 'n konsert aangebied deur „Perkins Co.” in Burgerspark geniet. Hy woon ook die opvoering van „Golden Ladder” in die „Teater” by.

Met die eerste Augustusnaweek word hy uitgenooi na die Schoemans, sy moeder se familie, en hy maak die ietwat omslagtige reis daarheen te perd, per ossewa en terug te voet.

Die Sondag daarop besoek hy die swembad en teen die aand gaan hy na die kerk waar „Rev. Gray — Missionary” optree. Die volgende Sondag besoek hy die „Goewerments Tuin” en stap dan weer die bosse in en aanskou die wilde voëls. In die daaropvolgende week is daar 'n „Geologiese Tentoonstelling” en dié besoek hy verskeie kere.

Graag gaan hy ook na „Die Fonteine” en „Wonderboom” en toe sy ouers eindelijk gevestig raak in 'n woning naby „Skinner's Court” besoek hy dikwels die nabyliggende ruigtes en heuwels. Meermale neem hy 'n boek saam om daar te lees.

Op 30 September werk hy vir die laaste keer in die winkel en soos hy dit stel: „laat hy die werk vir EWIG in ander hande.” Hy pak sy goed op en gaan na sy ouers. Op 2 Oktober betrek die gesin die reeds genoemde woning by Skinner's Court (ten weste van Pretoria).

Op 4 Oktober is dit Gustav se verjaardag en kry hulle ter viering daarvan dan ook pannekoek.

Ontslae van die winkelwerk lees hy nou baie. Die verhaal „She” boei hom sterk maar ook bestudeer hy plantkunde, versamel geologiese en entomologiese voorbeelde, en skilder ook so 'n bietjie.

'n Paar dae later, op 10 Oktober, noteer hy dat 'n aantal kanonskote ter ere van die President se verjaardag in die berge afgevuur is.

Geleidelik word hy nou ingeskakel in die bedrywighede van sy vader se sake, maar nog lees hy baie, skilder soms, beoefen boekhou en versamel natuurwetenskaplike voorwerpe. Soms moet hy help om die waens met gruis gelaai te kry en as sy vader uithuisig is, wat dikwels gebeur, moet hy ook die transportryery en die uithuur van waens beheer.

Onder al die bedrywighede het hy ook nog geskrywe, maar die aard daarvan word nie aangedui nie.

Soms neem hy sy susters na die „Convent School” en maak hy ook melding van 'n konsert waaraan hulle deelgeneem het.

Met die terugkeer van sy vader later in die maand, na byna drie weke se afwesigheid, verminder sy verantwoordelikheid 'n bietjie, maar dan moet hy druk meehelp om die beste wat sy vader gekoop het, te beheer en op te pas.

Sy vader het intussen 'n melkery begin en daarmee moes hy ook help.

In die middel van November begin dit so goed reent dat die perdereisies uitgestel is. Skynbaar het die reisies in die nabyheid van „Skinner's Court” plaasgevind.

Teen die einde van November het dertig van sy vader se beste weggeraak en dit het lang en ver soektogte meegebring. Sy vader het sommige van die diere tot in Standerton gevolg. Met 'n verdere afwesigheid van sy vader moes hy nou ook weer 'n oog oor die sake hou, maar tussenin kry hy nog genoeg kans om te lees. Op 24 Oktober teken hy aan dat hy op 'n koppie onder 'n boom gaan sit het, waar hy 'n oog oor die „niggers” wat die gruis gegrawe het, kon hou terwyl hy „The Story of Barbara” lees.

Op 28 November vind die uitgestelde perdereisies plaas en noteer hy dat „massas karre en koetse by die baan stilhou en 'n mens net perdehoue en die geratel van wiele hoor.”

Gedurende Desember word sy werk meer geroetineerd. Hy help daeliks met die melk van die koeie, wat om 3-uur die middag plaasvind en dan weer soggens voor sonop. Hy ry ook veel te perd rond en soek maar deur-en-tyd na weggeraakte vee.

Op 'n dag kry hulle besoek van ene Cock „die semi-Boer (Hollands-Engels),” skynbaar 'n familielid. Ook vermeld hy van die verskyning van 'n persoon wat deur die bediende „Matel” as volg aangekondig word: „Ma! Ma! hiers Geldenhuis.” „No-heb-ik-moet-hem-te-doen? Is-hy-jou-pa? — Nee-ma-mar-di-piano! Di piano!”; (Waarskynlik 'n eerste poging by Gustav om Afrikaans te skryf.) Blykbaar gaan dit oor 'n piano, want 'n rukkie later word die nuwe piano bespeel terwyl Gustav self die fluit bespeel.

Die fluit het ook 'n eie geskiedenis. Dit het aan ene dr. Barker behoort en is deur Gustav se vader in 1881 in Londen vir £3 gekoop.

Verder noteer Gustav hoe hy op 17 Desember te perd na „Wierda's Brug” is en dat hy vir sy oorgang tol moes betaal.

Ook vertel hy hoe daar op dié tydstip 'n ballon in die lug gestyg het. (Op 30 Desember 1890 meld hy het daar weer so iets plaasgevind en toe het iemand met 'n valskerm daaruit gespring!)

Op 22 Desember (1891) plaas hy 'n advertensie in die „pers” — moontlik sy eerste kontak met sy latere aktiwiteit, en die res van die dag lees hy Tolstoi se „Kreutzer Sonata.”

Op Kersfees hengel hy en in die namiddag is daar pannekoek en koffie. Tot laat in die nag word daar 'n gesprek gevoer oor die wondere van Mesmerisme. Ook is daar 'n vuurwerkvertoning in Pretoria. Dan bepeins hy die verlede en skryf in reeds kleurrike taal sy beskouings oor die toekoms neer.

Tussen Kersfees en Nuwejaar lees hy baie, veral daar sy vader tuis is, en op Oujarsdag neem hy die koerant en gaan by die spruitjie lees. In die namiddag maak hy 'n blomtuin

en in die aand heers daar 'n vrolike stemming in die huis.
Later lees hy nog en het hy al lesende die oujaar beëindig.
En so het die één jaar in die lewe van die latere stryder
vir Afrikaans verbygegaan.

*het ek gewect
ouderdom kom kuier
het ek die hek gesluit
gesê nie tuis nie
en hom nie ontvang nie*

PHIL DU PLESSIS

— na 'n Anonime Japansc gedig.

DE BUNKER

(Eenakter)

nummer één : eerste chef
nummer twee : soldaat
nummer drie : soldaat
nummer vier : soldaat
nummer vijf : soldaat
stem van een meisje.

Oorlog. Blauwland vecht tegen Groenland. Een bunker in het niemandsland waar 's nachts de blauwe soldaten een luisteropdracht vervullen. Met het eerste morgenlicht ontruimen de blauwe soldaten de bunker; dan komen de groene soldaten en gebruiken de bunker als kijkpost. Dat ritmisch komen en gaan duurt nu reeds weken. 's Nachts een automatisch geweer vóór kijkgleuf links; gedurende de dag een automatisch geweer vóór kijkgleuf rechts . . . Munitiekisten zijn tafel en stoelen geworden. Ook rustplanken. Een houtskoolvuurtje brandt er (eeuwig . . .)

Nou, we kunnen beginnen. Vier blauwe soldaten (ook de haren zijn blauw) gewapend met dolken, pistolen, karabijnen en aan gordels bengelende handgranaten, sjouwen een automatisch geweer van buitengewoon grote afmetingen de bunker binnen, en stellen het op vóór kijkgleuf links.

Nu worden de soldatenschimmen herkenbaar in het schemerlicht. Grote nummers op buik en rug, resp.: 1, 2, 3 en 5. Nummer 5 draagt een zendpost op de rug. Het is nacht. Men hoort nu duidelijk het zuchten en het hijgen; moe? schrik? dorst?

nr. 5: Ze hebben het vuur laten branden; hei, hei hebben ze het vuur laten branden? (*Hurkt bij het houtskoolvuurtje, warmt zijn handen, en alsof hij nu plots beseft dat het geen droom is*): Ze hebben het vuur laten branden!

nr. 2: (*Neemt zijn helm en giet er water in, en plaatst het op het houtskoolvuurtje*) Ze hebben het vuur laten branden; straks drinken wij koffie.

nr. 3: Het vuur laten branden? Nu zet nummer twee de koffie. Een plaatsvervanger moet men niet aanduiden.

- Een plaatsvervanger is een stop op de fles. Springt de stop, dan . . .
- nr. 1: Laten we over iets anders spreken. Doden zijn . . .
- nr. 2: Het water borrelt reeds. Alles gaat veel vlugger als er oorlog is. Het is alsof het leven ook veel korter is. Nummer vier . . . kijk (*wijzend*) vier en twintig uur terug zat hij dáár.
- nr. 1: Doden zijn nooit dood; we kunnen ze vergeten, maar zij blijven. Is het niet alsof nummer vier hier nog is? Trek die deur behoorlijk dicht, rotkoude rotnacht. Ver-raderlijke stille rotnacht.
- nr. 5: (*Neemt een radiotje en zoekt muziek: zoete muziek*)
- nr. 1: (*Zoekt in zijn vestzak foto van z'n meisje . . . stil*) Zolang kan dat niet meer duren, het wordt straks de grote uitval weet je, dan komt de bevrijding, de bevrijding uit de klauwen van de groene pest, weet je, dan huwen we. Maar ik zweer je, jij blijft niet aan de overkant . . . wij gaan dáár waar alles blauw is. Waar de nachten zingen blauw, waar . . .
- nr. 5: Moet ik de kompanie oproepen, chef? (*terwijl hij muziek uitschakelt en de zendpost klaarmaakt*)
- nr. 1: Er komt een einde aan die rotboel; weet je er hangt iets in de lucht. (*Geroffel, ver ratelen; plots — hoe is het mogelijk? — muziek uit de zakradio!*)
- nr. 1: (*Als ontwakend*) Dat ding uit! M'n meisje tussen al dat rotgroen. Weet je, onze plicht, want als er straks nooit meer oorlog zal zijn, als we straks samen netjes in de winkelstraten zullen kuieren; maar onze plicht, onze plicht . . .
- nr. 5: Moet ik de kompanie oproepen, chef?
- nr. 1: Soms, m'n meisje, vergeten we dat het oorlog is; een moderne soldaat vergeet waar hij aan toe is (*slurpt koffie*), vergeet wat er van hem verlangd wordt . . . vergeet . . .
- nr. 5: Moet ik de kompanie oproepen, chef?
- nr. 1: (*Als een lesje dat hij opdreunt*) De eerste taak van de radioman als hij ter bestemming is (*mompelt onverstaanbaar*) oehoedebadadi hoeboedaradioeboe doe hoe oedoe oedoe doedoeradadoe . . .
- nr. 5: O.K., chef.
- nr. 3: (*Waakt en tuurt bij het automatisch geweer*) Zwartnacht, chef, zwartnacht. Als de groenen komen, als ze geluidloos toesluipen, springen ze in onze rug. Ik zie geen vlek, ik hoor geen kik.
- nr. 5: Toekomstige week ga ik met verlof. Acht dagen op het Zuideiland. De vrouwen zijn er warm en mooi; ik heb een boekje vol adressen.
- nr. 3: Zie ik daar iets bewegen? Voorbij de zwarte lijn der bomen, links bij de stukgeschoten fabriek (*nummer 2*)

- komt kijken*); nee, meer naar links, bijna dáár waar de brug vroeger was.
- nr. 2: Ik zie niks. Mijn ogen moeten zich eerst aan de duisternis wennen. Maar nee, er is niks, niks.
- nr. 3: Als men hard kijkt, ziet men altijd iets bewegen. Wie trekt de grens tussen schijn en werkelijkheid? Wie zal het zeggen? Zelfs nummer vier niet. Dacht ik niet . . .
- nr. 2: Nummer vier, nummer vier . . .
- nr. 1: Stil verdomme, hoe willen jullie de vijand horen?
- nr. 5: Spaar ons, nu de vijand. Ik wil toekomende week naar het Zuideiland.
- nr. 1: De vijand . . . als nummer vier: geluidloos en toch aanwezig.
- nr. 2: Als men in de dood niet durft geloven . . .
- nr. 3: Zo slaat de dood toe (*slaat drinkbeker tegen eetketeltje, allen schrikken*).
- nr. 5: Nog achtmaal kom ek hier terug, nog acht maal . . . en dan de zon, de zon. Misschien word ik daar op het eiland ziek of breek er een been. Misschien is de oorlog voorbij als ik terugkom.
- nr. 1: Tweemaal acht dagen. Er kan veel gebeuren. Misschien is dan de oorlog voorbij. Als er terug volle maan is, zal de bedrijvigheid herbeginnen.
- nr. 3: Als kleine jongen wou ik altijd soldaatje spelen, ik was generaal en gaf bevelen. De vijand was altijd dommer dan ik, nooit vlug, nooit moedig, nooit tuchtvol. Nu ben ik mijn eigen vijand. Nu vooral, gisteren is nummer vier gevallen . . . wie van ons heeft . . .
- nr. 1: Je zag hem vallen niet? Wat heb je gedaan?
- nr. 3: Ik dacht . . . maar zie: ik ben mijn eigen vijand: Ik graaf putten, niet om me te beschermen maar om er in te stikken. Of ik bouw muren met woorden, dan kantelen die muren in mijn nek. Of ik gooi met verf, dan is de vijand groen, of blauw of rood of geel. Nooit is de vijand wit, nooit is de vijand groot . . .
- nr. 5: (*Spreekt in zendpost*)
 Charly charly this is baker this is baker over
 Charly charly this is baker this is baker over
 Charly charly this is baker this is baker over
 Charly charly this is baker this is baker out
 (*Tot nummer één*) Niks, chef; niks, chef. Chef . . . niks (*mompelend*) De nachten wegen als lood. Nummer drie blijf je waken? Staar je nog steeds de peknacht in? (*Het is nu bijna donker in de bunker. Nummer drie waakt, de anderen slapen. Ook nummer drie slaapt nu.*)
- stem Ben je een nummer geworden? Één, twee, drie, vier,
 nr. 4: vijf. O, vier? Waar is nummer vier? O monsternummertjes van het monsterbreintje oorlog. Nummer één hoor je me? Nummer twee hoor je me? Nummer drie

hoor je me? O, hier is alles groen weet je, mooi groen hier is alles groen . . . Nummer vijf hoor je me?

nr. 1: Waar het begon, waar het eindigt. Waar een radertje ontbreekt, waar een mensje is doodgeschoten, Waar de schrik een gat in het geweten slaat waardoor een stervende gekwetste nummer vier kruipt. Hij bloedt, kijk er kleeft bloed aan mijn hand. Kijk.

stem Ik riep nog, ik riep luid, luid: de groenen hebben het
nr. 4: gehoord. Ik gilde flarden pijn in de nacht. De groenen hebben het gehoord en kwamen me halen . . . zo dacht ik toch. Toen was er een hemel waarin de pijn rinkelde en toen ik ontwaakte . . .

nr. 2: Weet je, nummer vier, wat het is de schrik? Een groene sneeuwman, een regen kogels, een gil. En dan denken: „Die hebben ze” en dan blij, ja blij zijn dat ze je kapot geschoten hebben. Men keert niet op zijn stappen terug om een lijk te halen, (*luider nu*) men keert niet op zijn stappen terug om een lijk te halen!

stem Een lijk halen? Nu ben ik een spook. Een blauw spook
nr. 4: met groenen schijn, een wit spook met zwart gat in die rug.

nr. 3: Kijk, nummer vier, misschien waren we gisteren wat in de war, en nu de dood je nam, nu je leven zaad geworden is voor een groter wordend vaderland, voor een eeuwige vrede, nu we de paniek terug herleid hebben tot een spartelende schoothondje, en nu je hier terug bent, — je ware gedaante kan ik nog niet omschrijven — vraag ik je wat aandacht, zie je ik houd de wacht, ik sta op uitkijk, ieder ogenblik kunnen de groenen ons verrassen, dat heb je gisteren zelf best ondervonden, maar ik vraag je nu, schuif wat op naar links, een ganse sektor kan ik niet bespieden, want tussen brug en fabriek sta jij, zo nog wat verder, meer naar links, en nog wat, nog, hei, nee verstoppertje spelen hoef je niet, hei.

stem Hola, hola nummer één, ben je een lafaard geworden?
meisje: Nummer één ik spreek tot je: ben je een lafaard geworden? Wat is er gistermorgen met nummer vier gebeurd? Komaan, biecht op, ben je nu een lafaard geworden?

stem Maar er is geen lafheid. Oooo kode van krachten, ho
nr. 4: psychologisch getrainde soldaten. Oooo ben jij het meisje van nummer één? Maar er zijn geen soldaten. kijk: snorkende hazen met glazen harten en purperen moed. Kijk, er zijn geen helden. Het toeval schikt ons soms iets dat we heldendaad noemen. Niet? Hoor je de harten rinkelen? Steek je hand in dat gat in mijn rug; kleeft er bloed aan jouw hand? Kijk: ben ik dood dan ben ik gestorven voor het vaderland. Leef ik nog dan ben ik gekwetst in een harde strijd voor de vrijheid.

Niet te luid, niet te laat, de vaderlandse slaap niet storen.

stem

meisje: (*Proest, giechelt*)

stem Nee, tòch ernst, ernst, moet ik het smeken? Zij winnen

nr. 4: die oorlog. De harten zullen glimmen.

zend- Baker baker this is charly this is charly over

post: Baker baker this is charly this is charly over

Baker baker this is charly this is charly over.

(*Paniek, paniek.*)

nr. 3: (*Grijpt automatisch geweer*) Schieten, chef?

nr. 1: (*Ontwakend*) Nee, nee, niet schieten, niet schieten, de zwartnacht verrast ons, niet schieten! (*Het wordt klaarder in de bunker*)

nr. 3: (*Terwijl twee en drie ontwaken*) Hebben jullie ook die stemmen gehoord? Geritsel en . . .

nr. 5: Nare dromen, er hangt iets in de lucht.

nr. 1: De kompanie roept ons op.

nr. 3: Wij sliepen, we konden gedood worden, wij sliepen.

nr. 1: (*Tot nummer twee*) Wat vraagt de kompanie?

nr. 5: Niks, alleen maar radiokontakt.

nr. 1: (*Tot nummer drie*) Heb jij iets gehoord?

nr. 3: Een meisjesstem chef, als groen fluweel.

nr. 1: Verraderlijke zwartnacht.

nr. 3: We mogen niet slapen chef, het is te gevaarlijk.

nr. 1: Mijn meisje, wat is er gebeurd? Is ook bij jullie zwartnacht aan het rotten? Heb ook jij schrik? Vooral schrik als er niks gebeurt? Nummer vier, ga jij . . .

nr. 3: Je bedoelt nummer drie, hé chef; nummer vier stond hier gisteren nog. Nu, kijk zò sloop hij over het ijs (*hij kruipt op handen en voeten met de rug hoog rond*), is hij altijd onvoorzichtig geweest, wist hij zich onkwetsbaar? Gisteren zijn we te laat naar de stellingen teruggekeerd, misschien kennen de groenen nu ook de weg die we iedere dag bij onze terugtocht volgen; misschien hebben ze nu een patrouille uitgezonden om er mijnen te leggen. Keert ooit één van ons terug?

nr. 2: We hebben nummer vier laten liggen, hebben niet meer aan sluipen gedacht, maar plots, bij de eerste rafale gehold, gehold, en wie huilde? Wie huilde? Was het nummer vier die huilde?

nr. 1: Hij was dood, een kogel in de rug.

nr. 2: Wie heeft gezegd dat hij dood was?

nr. 5: Straks gaan we terug, dezelfde weg op; misschien ligt hij er nog. Dan moeten we het lijk meenemen.

nr. 1: Dat moeten we in ieder geval.

nr. 2: Was hij dood? Wie zag dat hij dood was? We waren allen konijnen, niet? De vlucht: hals over kop. Maar na de oorlog, als wij dat allemaal overleven, de helden.

De bevrijders.

nr. 5: Als hij niet dood is . . .

nr. 1: Zwijg nu allen: hij was dood.

nr. 2: Hoe weet je dat?

nr. 1: Als ik zeg . . .

nr. 5: (*Wordt kwaad, springt recht, stelt zich uitdagend voor nummer één*) Jij bent de chef. Antwoord nu!

nr. 1: Hij was dood! Hij kreeg een kogel in de rug. Hij viel zò (*Laat zich vallen en grijpt de steeds dreigender wordende nummer vijf bij de benen, beiden rollen over de grond.*)

nr. 2: Genoeg nu (*scheidt de vechtenden*), wij zijn allen lafaards geweest, wij pogen de schuld op de rug van een ander te schuiven, wij . . .

nr. 3: We kunnen nu ook nog wat onder elkaar vechten, elkander zo nodig kapot maken. Vandaag komen we allen bij de kommandant, hij zal ons vragen waar nummer vier is, hij zal in zijn verslag alles optekenen wat wij hem vertellen. We kunnen elkander beschuldigen. We kunnen samen voor de krijgsraad verschijnen. Een mooi stukje vaderlandse geschiedenis wordt dat.

nr. 1: Ik ben ervan overtuigd dat nummer vier dood is.

nr. 3: Gij zijt verantwoordelijk.

nr. 1: Laten we samen een oplossing zoeken.

nr. 5: Het Zuideiland naar de duivel wensen. Hier blijven tot de groenen komen, en ons dan overgeven.

nr. 1: We mogen geen lafaards worden.

nr. 2: Dat hadden we gister moeten weten.

nr. 3: Genoeg, genoeg. Ik ga niet terug.

nr. 5: Wij gaan niet terug.

nr. 3: Straks komen de groenen. Eenvoudig kijk, we werpen onze wapens weg, we steken de handen in de lucht, ze voeren ons mee, ver weg van het front, voor ons is de oorlog gedaan.

nr. 2: En na de oorlog worden we . . .

nr. 3: Als we kunnen zwijgen . . .

nr. 1: Blijven we, of blijven we niet? Nummer twee?

nr. 2: Ik blijf niet.

nr. 1: Nummer drie?

nr. 3: Ik blijf!

nr. 1: Gij nummer vijf?

nr. 5: Ik blijf dan maar.

nr. 1: De meerderheid beslist te blijven. We wachten tot de groenen komen, we geven ons over. Dan is alles voorbij.

nr. 2: Goed, ik zal ook blijven.

(*Het ritme breekt. Traag bewegen, traag adcmhalen. Nu zitten vier mensen onbeweeglijk en dromen.*)

nr. 5: Voor mij is de oorlog nu voorbij. Het Zuideiland een droom. Nummer vier een spook dat mij gans mijn leven

zal vergezellen . . . voor mij is er geen oplossing. Iedere lente verraadt ieder winter . . . iedere herfst verraadt iedere zomer.

Charly charly this is baker this is baker out.

nr. 3: Ik blijf, ik blijf en gooi mijn wapens in de hoek, en kus de vrede en streef de tralies van het kamp. Een homp brood, een homp verdriet, een hompje tijd.

nr. 2: Ach, mag ik nu terug zingen?

nr. 1: Hebben jullie ook pijn, ijspijn? Ach!

(Het wordt dag. Stilaan ontwaken, in een witte stilte. Allen gooien hun wapens in een hoek. Geluiden: ritselen, stoten, stappen, kraken. De angst, de pijn. Zijn de groene soldaten daar? Harder de geluiden . . . Allen steken de armen in de hoogte. De deur kraakt open. In de deuropening met bebloed gelaat: nummer vier.)

doek

*Hoe galbitter:
ons hartseer
neuk heeldag saam.*

SAREL SMIT

BEKROONDE SKRYWERS

Die volgende skrywers het toekennings ontvang van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Tydskrif vir Letterkunde* wens hulle van harte geluk.

GEORGE LOUW (Eugène Marais-aanmoedigingsprys vir Afrikaanse Letterkunde — poësie — 1965).

J. P. J. VAN RENSBURG (Akademieprys vir Vertaalde Werk — poësie — 1965).

ALBA BOUWER (Scheepersprys vir Jeuglektuur, 1965).

W. J. DU P. ERLANK (Akademieprys vir vertaalde werk — drama — 1966).

HENRIETTE GROVÉ (Eugène Marais-aanmoedigingsprys — drama — 1966).

J. H. VERMAAS (Scheepersprys vir Jeuglektuur, 1966).

Geluk ook aan ANNA RUDOLPH wat in die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap se prysvraag 'n prys verower het met 'n drama.

JONG DIGTERS, AANDAG!

Hier volg een BELANGRIJK BERICHT:

De *Werkgroep-YANG* gaat in de herfst een tussentijds *YANG-KAHIER*, onder de titel *HONDERD DICHTERS*, integraal wijden aan jongeren-poëzie.

De noodzaak van dit poëzie-nummer zit voor ons grotendeels in het feit, dat in het voorbije jaar, door het verdwijnen van diverse literaire jongeren tijdschriften, voor velen de publikatie mogelijkheden tot nul werden herleid. En verder eens een duidelijk beeld te bekomen van de allerjongste strekkingen, ook in Zuid-Afrika.

REGLEMENT

- (1) Er is geen sprake van een wedstrijd, noch prijs.
- (2) Er is geen leeftijdsgrens.
- (3) Alle dichters uit het Nederlands-taalgebied, die tot op heden *niet meer dan twee bundels* hebben gepubliceerd, mogen hoogstens drie niet eerder gepubl. gedichten inzenden, waarvan de lengte van ieder niet meer dan veertig versregels mag zijn.
- (4) De gedichten worden opgenomen in alfabetische volgorde.
- (5) Van de ingezonden gedichten worden er dan, naar gelang gehalte en lengte, één of twee opgenomen. Bij beoordeling zal men zich uiteraard houden aan geen te veeleisende normen.
- (6) Per opname zijn aldus drie mogelijkheden.
 - (a) twee korte gedichten op een blz.
 - (b) één lang gedicht op een blz.
 - (c) één kort gedicht op een halve blz.
- (7) Iedere inzending moet naast naam of pseudoniem, geboortedatum en volledig adres, vergezeld zijn van één der volgende mogelijkheden:
 - (a) debutant (zonder publ. in tijdschr. of boek)
 - (b) publ. in volgende tijdschriften:
 - (c) gaf reeds de bundel(s) uit:
 - (d) publ. in de tijdschr.: & gaf reeds de bundel(s) uit:

Inzendingen worden aanvaard tot I OKTOBER, op het Redaktieadres van het Werkschrift voor literatuur, 'YANG', Slotenstraat 5. Sint-Amandsberg, België.

SKYFIES

KINDERBIBLIOTEKE

Volgens *Boeknuus* van die Transvaalse Provinsiale Biblioteek (Maart-April 1966) het die Russiese kind vandag alle moontlike geriewe en geleenthede om sy kontak met boeke 'n vrugbare ervaring te maak. Nie alleen word die spesiale personeel van die kinderbiblioteke deur seminare en besprekings gedurig op hoogte van ontwikkelinge gehou nie maar ook die jong lesertjies self kry spesiale leeslokale en 'n administratiewe en professionele diens wat verseker dat die kind die allerbeste leesstof oor elke denkbare belangstellingsrigting kan bekom. Die leeskamers vir verskillende ouderdomsgroepe is so ingerig dat daar uitvoerig rekord gehou kan word van elke kind se leesontwikkeling en -smaak, hoeveel hy lees, of hy 'n goeie of swak leser is, ens.

Die Biblioteek vir Kinders en Jong Volwassenes te Kiev laat bv. tussen 140,000 en 200,000 boeke per jaar onder sy 6,000-7,000 lesers sirkuleer!

Daar word jaarliks 3,000 nuwe titels gelewer vir kinders. Die Russiese staat sorg dat dit in 59 tale van die Sowjet Republiek gepubliseer word. Die navorsingslaboratorium sorg dat waar leerplanne verander daar altyd genoeg werke beskikbaar is om die verandering te dek. Hulle het ook 'n span deskundiges wat buitelandse publikasies vir kinders dophou en aanbevelings maak oor watter werke vertaal moet word.

Dit klink na kindersorg! Sou dit die Russiese letterkunde bevorder?

DIE PARTY EN DIE DIGTER

In 'n werkie met die bg. titel skets prof. Maurice Friedberg van Nieu York die verloop van sake sedert daar na die dae van Stalin so 'n bietjie meer toegeeflikheid teenoor kunstenaars was. Schilders, beeldhouers, komponiste en veral skrywers het 'n sterk samehorigheidsgevoel begin ontwikkel en hulle werk al hoe meer as 'n roeping gaan beskou. Daar was 'n algemene strewe na vryheid van geestelike en politieke „verwuring” met veel eerliker gedigte — lewendiger en varser as gedurende die stagnasietyd onder Stalin. Teen 1960 was hulle werke besonder populêr en was skrywers soos Jewgenie Jewtosjenko en Andrei Woznesenski ver buite Rusland bekend. Selfs in Rusland is dié digters deur die nuwe geslag as helde beskou.

Maar toe volg Nikita Chroesjtsjow se berugte uitbarsting op 1 Desember 1962 toe hy 'n uitstalling van abstrakte skilderye besoek het. Dadelik het die Sentrale Komitee van die Kommunistiese Party met sowat 400 kunstenaars van alle slag 'n vergadering agter geslote deure gehou waar Leonid Iljitsjew, die ortodokse waghond oor partybelange, die kunstenaars op ondubbelsinnige wyse laat verstaan het dat partybelange bo kunsbelange kom.

Op 8 Maart 1963 gee die heer Chroesjtsjow (!) 'n oorsig van die kunsneigings en sê dat hy nie daarvan hou nie. (Intussen moet ons onthou dat hy, volgens biograaf Hastie, die vader is van die liederlikste uitstalling ter wêreld — die Permanente Landbou-uitstalling in Moskou waar marmertrekkers in poele groen water onder groen ligte snags die vader se „kunsmaak” adverteer.) In hierdie toespraak veroordeel hy pessimisme, ekstremisme en formalisme (lg. sluit ook abstrakte kunsforme in) en beskuldig hy die skrywers en kunstenaars van hoogverraad daar hulle hul uitlaat oor sake waarvoor slegs die party mag praat. Ehrenburg en Jewtosjenko word by name genoem en veroordeel. „Die Party,” sê Chroesjtsjow, „sal nie, ek herhaal: sal nie toelaat dat hy verstomp of die sterkte van sy doeltreffendheid swakker gemaak word nie. Op kunsgebied verwag die Sentrale Komitee van elkeen — die mees begaafde en bekendste kunstenaar én die ontlukende jong kunstenaar — algehele en onwankelbare getrouheid aan die Party.”

Chroesjtsjow sien die taak van die skrywer soos volg: „(hy moet) . . . in die geleedere staan van die bouers van kommunisme, om deur sy talent die groot saak van die Party te dien . . . om deur sy werk aktief by te dra tot die vestiging van kommunistiese idees” Nodeloos om te sê dat die skrywers self, omdat hulle hul talent nie van die party ontvang het nie, hulle destydse leier se menings ook nie onderskryf nie. Soos die studente van die Fakulteit Lettere

van Riga dit gestel het: „Ideologiese inhoud is hoegenaamd nie die hoofsaak in die kunsskepping nie.” Die skrywers, Simonow en Ehrenburg, die skilders Faworski en Konënhov; komponis Sjostakowitsj, en filmregisseur Romm het in 'n gesamentlike brief aan Chroesjtsjow probeer om hom te laat verstaan: „Tensy daar 'n verskeidenheid kunsrigtings bestaan, is die kuns gedoem . . . Ons vra u om hierdie terugkeer tot vergange se metodes (onder Stalin) te beëindig. Dit is in stryd met die hele gees van ons tyd.”

Joeri Kazakow skryf weer: „Geluk en sy wese, lyding en hoe om dit te oorwin, morele plig teenoor mense, liefde, die bereiking van selfbegrip, die mense se houdinge teenoor werk, die vitaliteit van basiese instinkte — dit is party van die probleme wat my besig hou.”

Kindersorg en skrywersorg is twee aparte dinge!

OU GRIETJIE

„ENTARTETE KUNST”

Onlangs het ek weer die pragtige blou perde van Franz Marc gesien, en al was dit dan dié keer maar in reproduksies in die Pretoriase Kunstgalerie, het die skilderye my weer ontroer deur hulle lewendigheid en krag, gepaard met speelsheid.

Die laaste keer dat ek hulle bewonder het, was in München in 1937 toe die skilderye van Marc met honderde andere in groot sale uitgestal was. Saam met dié van ander Duitse Ekspressioniste was daar talle van die mooiste skilderye van die Franse Impressioniste: Monet, Manet, Renoir . . .

Die mense het mekaar verdring voor die groot kunswerke; daelank was dit die grootste aantrekkingskrag van München se honderde kunstenaars en duisende kunsliefhebbers. In die sale het die grootste stilte geheers . . . 'n vreemde, amper angswekkende stilte. Was dit die gevolg van die diep ontroering wat die skilderye en beelde (ag, daar was Lehmbruck!) by almal gewek het? . . . Ja, maar net ten dele. Die eintlike swye was veroorsaak deur die feit dat hierdie unieke uitstalling gereël was deur die Hitler-regering onder die titel „ontaarde kuns” en moes dien om die volk „op te voed” tot 'n insig in die wese van „ware kuns”.

Oorkant die straat was die nuwe, imposante „Haus der deutschen Kunst” waarin die kuns van die Derde Ryk tentoongestel was. Eindelose rye groot portrette van partyleiers, soldate, natuurtonele soos op sjokoladedosies en kalenders, die kleure, „net reg” . . .

Ag, dit was die mees siellose versameling skilderye wat jy kon kry en die sale was leeg . . . dolleeg.

G.A.O.

'N ONSMAAKLIKE GRAP

Boeknuus, wat elders in hierdie uitgawe aangehaal word, laat blyk so heel terloops watter agterstand die Afrikaanse boek op feitlik alle terreine het. Die boeknuus is natuurlik welkome informasie en dit vervul 'n uiters nuttige funksie. Maar dit laat ook blyk hoedat 'n nuusbrief in alle eerlikheid en opregtheid en sonder kwade bedoelings tog 'n volkome valse indruk kan skep i.v.m. die aantal Afrikaanse boeke wat nuut aangekoop is. Ons sê dit nie uit vyandigheid nie. Miskien worstel die biblioteek ook met te min swakbetaalde personeel, met te min fondse, ruimte ens., ens. Dit maak dus ons ontleding des te noodsaakliker om die aandag op 'n wantoestand te vestig.

Die nuusbrief bevat o.a. ook die volgende lyste wat almal (behalwe nr. 1 en 4) aangebied word as „nuwe aanwinste”:

	<i>Afdeling</i>	<i>Aantal titels</i>
nr. 1:	Nuwe Afrikaanse en Nederlandse Boeke	10
nr. 2:	Afrikaanse Verhalende Lektuur	35
nr. 3:	Afrikaanse Kinderlektuur	31
	Totaal	76
nr. 4:	Some Books Worth Reading	21
nr. 5:	Adult English Fiction	121
nr. 6:	English Juvenile Fiction	99
	Totaal	241

Maar nou kom die onsmaklike grap wat ek vir u wil opdis:

Lys nr. 1 bevat net twee rasegte Afrikaanse boeke; die res is vertalings uit Nederlands! Selfs Max Frisch en Cervantes vaar volgens die biblioteek hier onder Afrikaanse vlag. Die twee pure Afrikaanse skrywers se name ken ek ongelukkig van geen Adamskant nie. Hulle is totaal onbekend maar word tog uitgesonder om in die opmars te stap saam met „Some books worth reading”. En hulle kry elkeen 'n opsommende aanprysing van vyf of ses reëls! Die feit dat lys nr. 1 en nr. 4 direk na mekaar aangebied word, laat mens vermoed die lys boeke in nr. 1 is ook „worth reading”. Maar waarom vertalings aanbied as Afrikaanse boeke? En waarom twee sulke onbekende werkies as die enigste verteenwoordigers kies?

Lys nr. 3 se 31 titels is óók misleidend. Die lys bevat vertalings uit o.a. die Tsjeggies en Engels. Ene C. Thiele is volgens die lys 'n Australiese skrywer maar vaar hier rond as 'n Afrikaanse kinderskrywer. Behoort die siel nou tot twee letterkundes? 'n Literatuurhistorikus sal voortaan sy voetwerk moet ken as hy die kloutjie by die oor wil kry!

Lys 2 bevat gelukkig net ses vertalings.

Wat die Afrikaanse Skrywerskring nou kan vra, is die volgende:

1. Moet hierdie bedroewende toestand so gelaat word?

2. Hoe bestee biblioteke in ons land hulle fondse? Word dit gelykop verdeel tussen Afrikaans en Engels, of word vir elke taalgroep *eweveel* titels aangekoop? Die Afrikaanse boek kos duurder, die oplaag is soveel kleiner, die skrywer het nie die voordeel van C. Thiele om tot twee letterkundes gereken te word nie. Hoe werk die vyftig-fifty-basis hier?

3. Onder die lys „Alleenlik aangekoop vir die Sentrale Naslaanbiblioteek” tel ek 80 titels: almal Engels, GEEN ENKELE AFRIKAANSE TITEL nie. Is dié toestand normaal? 'n Mens kan maar deur die lys vir Filosofie, Sosiologie, Wetenskap, ens., blaai. Jy is eintlik gelukkig as jy op 'n Afrikaanse titel afkom.

Dit lyk of Die Afrikaanse Skrywerskring met vrug aandag aan hierdie saak kan skenk.

OU GRIETJIE

BOEKE ONTVANG

AFRIKAANSE-PERS BOEKHANDEL, JOHANNESBURG, 1966

- Jonker, Ingrid: *Kantelson*.
 Nagelate verse van die digteres.
- Postma, Minnie: *Bobbie van der Jaan*.
 'n Kinderboek.
- Strydom, M.: *Die Vyfde Suster*.
 'n Liefdesroman.
- Van der Post, Jan J.: *Dai, 'n Kind van Kaapstad*.
 'n Simpatieke kinderuitbeelding.
- Van Rensburg, A. P.: *Moeders van ons volk*.
 'n Versameling sketse deur 'n bekende historikus.
- Van Blerk, H. S.: *Die treinstelers*.
 'n Goeie seunsverhaal met 'n teleurstellende einde.
- Van Blerk, H. S.: *Son van geregtigheid*.
 'n Roman uit die dae van die groot diamantstormloop R2.10

HAUM, KAAPSTAD, 1966

- Dickens, Charles: *'n Verhaal van twee stede* (Vertaler?)
 'n Vertaling wat baie lesers sal boei.
- Reeves, James (navertel deur): *Die avonture van Don Quijote*.
 (Vert. André P. Brink).
 'n Uitmuntende vertaling van 'n lesenswaardige werk R1.65
- Smuts, J. P. (red.): *Kompas*
 Reisskette R1.85

HUMAN & ROUSSEAU, KAAPSTAD, 1966

- Lochner, Helena: *Die lekker ham en ander stories vir kinders* 45c
- Lochner, Helena: *Die Pot*
 'n Self-lees-storie 25c
- Lochner, Helena: *Dom Jan*.
 'n Self-lees-storie 25c
- Quarmby, Roy (vert.): *Ons Suiderhemel*.
 Lesenswaardig en ryklik geïllustreer R3.75
- Zimnik, Reiner (Vert. Human, Anna C.): *Die klein brultiertjie*.
 'n Boek wat kinders sal boei R1.25

BLOKBOEKE: ('n Reeks nuttige studiegids.)

- No. 2 Lindenberg, E.: *Versamelde gedigte van Eugène Marais* 65c
- No. 3 Kannemeyer, J. C.: *Die Heks* 65c

H & R ACADEMICA, KAAPSTAD, 1966

- No. 4 Nicnaber-Luitingh, M. Drs.: *Die vroeëre en latere poësie van Elisabeth Eybers* 65c
- No. 5 Conradie, dr. P. J.: *Germanicus* 65c

JOHN MALHERBE, KAAPSTAD, 1966

- Brink, André P.: *Elders mooiweer en warm*.
 'n Drama R2.50
- Rabie, Jan: *Die roos aan die pels*.
 'n Keur uit sy verhale van die afgelope nege jaar. R1.50

NASIONALE BOEKHANDEL, KAAPSTAD, 1966

Malherbe, F. E. J. (samest.): <i>Bellen Blazen</i> .	
Gunsteling onder Nederlandse Kortverhale	R1.35
Schalkwyk van, Nicky: <i>Die jare tussenin</i> .	R1.40

NASOU BEPERK

Cloete, T. T.: <i>Gids by D. J. Opperman se Senior Verseboek</i> .	
'n Uiters nuttige skooluitgawe	60c

TAFELBERG-UITGEWERS, KAAPSTAD, 1966

Heese, Hester: <i>Moks van ver-wêreld</i> .	
(Met tekening deur A. A. Langdown)	90c
Ott, Dieter: <i>Avontuurlike reis</i> (vert. uit Duits: Möller Monica).	
'n Verhaal waarvan seuns sal hou	R1.00
Post, van der, Jan J.: <i>Kwai, Vegter van die duine</i> .	
Boeiende avontuur vir seuns	R1.50
Venter, F. A.: <i>Die Geheim van die Berg</i> .	
'n Seunsboek wat byval sal vind	R1.45
Vries de, Abraham: <i>Kruispad</i> .	
'n Novelle in die moderne idioom	R1.35

VOORTREKKERPERS, JOHANNESBURG s.j.

Louw, Cecily: <i>Kindertoneel</i> .	
'n Uiters welkome bydrae op 'n verwaarloosde gebied. Behoort vir laerskole van groot waarde te wees.	R2.25
Nienaber, P. J. (samesteller): <i>Geeste en Gedaantes</i> .	
'n Bundel spookverhale	R1.50
Plessis, I. D. du.: <i>Vaderlandse Verse</i>	R1.55
Potgieter, Evert: <i>Langs die Buffelpad</i> .	
'n Seunsverhaal	R1.25
Schoeman, P. J.: <i>Kampvuur wat nie uitbrand nie</i> .	
'n Welkome toevoeging tot 'n skraal genre	R1.85
Steyn, Elmar: <i>Hilgar se helde</i>	R1.30
Strydom, F. W. (samesteller): <i>Die Rooi Duitwel se As en ander Eenbedrywe</i> .	
'n Welkome toevoeging tot 'n skraal genre	R1.30
Weideman, George: <i>Hondegaloppie</i> .	
'n Onpretensieuse digbundel	R1.55

RUILNOMMERS ONTVANG

COVELIERS, JOS: Het menselijk bestel, De Bladen voor de Poëzie, Jrg. 13, nr. 7, 1966. 'n Bundel gedigte.

MAATSTAF, 13e Jaargang, nr. 7/8: Het korte gedicht. 'n Bloemlesing.

TEKSTEN EN DOKUMENTEN nr. 208-210: Politieke en Economische Structuur van België, Ministerie van Buitenlandse Zaken en Buitenlandse Handel, Brussel, Febr.-April 1966.

TEKSTEN EN DOKUMENTEN nr. 212: Basisgegevens over België.

WETENSCHAPPELIJKE TIJDINGEN, Jaarg. 25, nr. 2.

M66 nr. 6 (Krant voor jonge mensen), M-Publikaties, Venray, Jun. 1966.

INTEKENVORM

Aan:
Tydskrif vir Letterkunde,
p.a. mej. S. Victor,
Posbus 57,
Northcliff,
by Johannesburg.

Hiermee teken ek in op *Tydskrif vir Letterkunde* vir 'n tydperk van een jaar van die uitgawe af. Ek sluit 'n tjek/posorder vir R2.00 in.*

NAAM (in blokletters)

ADRES

.....

.....

Datum

Handtekening

* *Tydskrif vir Letterkunde* verskyn vier keer per jaar in Februarie, Mei, Augustus en November. Die intekengeld bedra R2.00 per jaar. Los eksemplare in boekwinkels kos 60c stuk. Intekening by boekwinkels is ook R2.00 per jaar.

Gedruk deur Hayne & Gibson, Doornfontein, Johannesburg.



BESKERMING

Die sterk hande van 'n vader wat die rigting wys in sy kind se groot nuwe wêreld — sy stille besluit op 'n veilige toekoms vir hom. Beskerming neem so baie vorms aan. Versekering is beskerming . . . vir die skoolkind se opvoeding, die student se akademiese loopbaan, die ouers se rustige oudag. Maak seker van die toekoms met lewensversekering deur SANLAM.

**Veilig vorentoe met
SANLAM**